(2) The Committee must arrange for the books of account to be subject to audit annually by auditors appointed by the Committee and the costs of such audit must be paid out of monies in the banking account referred to in subregulation (1).

(3) The monies standing to the credit of the banking account referred to in subregulation (1) may not be utilised for any purpose other than that contemplated by subregulation (2).

Repeal of Regulations

52. Any Regulation made under section 42 of the Ordinance and promulgated before the date of publication of these KwaZulu-Natal Horse Racing and Betting Control Regulations, 2010, is hereby repealed.

Short title and commencement

53. These Regulations are called the KwaZulu-Natal Horse Racing and Betting Control Regulations, 2010, and come into operation on the date of their publication in the *Provincial Gazette*.

ANNEXURE 1

**PROVINCE OF KWAZULU-NATAL
REGULATION OF RACING AND BETTING ORDINANCE, 1957 (ORDINANCE NO. 28 OF
1957)**

**DECLARATION AND STATEMENTS, BY A BOOKMAKER OR BY THE TOTALISATOR
OFFERING FIXED-ODDS BETS, IN RESPECT OF THE TAXES TO BE PAID OVER ON BETS
ON HORSE RACES AND ANY TAKE-BACK BETS IN RESPECT OF WHICH A DEDUCTION
IS CLAIMED**

(To be completed in block letters and to be lodged in duplicate in terms of section 30 of the Ordinance as read with regulation 38)

Full name of bookmaker _____

(In case of a partnership, give full names of all partners)

Name under which business conducted _____

Physical address of betting room _____

Postal address _____

Month and year in respect of which return is rendered (in respect of a return on bets made in a betting room)

Name of racing/gymkhana club (in respect of a return on bets made at a racecourse/gymkhana course)

Date of race meeting/gymkhana (in respect of a return on bets made at a racecourse/gymkhana course)

DECLARATION

I, the abovementioned and undersigned bookmaker/partner in the abovenamed partnership*, hereby solemnly declare that –

- (i) the gross amount of any money, security or valuable thing paid or given or to be paid or given by me or to me in fulfilment of all bets made at the abovementioned race meeting or gymkhana is fully and truly disclosed in statement A hereto; and
- (ii) the details of the take-back bets taken by me to cover my liabilities in respect of bets made at the abovementioned race meeting or gymkhana are fully and truly disclosed in Statement B hereto and in the attached Annexure 2.

SIGNATURE OF BOOKMAKER

(Please also print name where a partner signs for a partnership.)

As witness:

Full names

Residential address

Postal address

Telephonic contact details

South African Identification Number:

Signed at on this day of 20.....

.....
Signature

* Delete words which are not applicable

STATEMENT A

Date and no. of race	Column 1 Total stakes on all horses in race	Column 2 Total amount won by punters (excl. stakes)	Column 3 Tax to be paid sec. 29(1)(a)(i) & (2)(a)(i)	Column 4 Tax to be paid sec 29(1)(a)(ii)	Column 5 Tax to be paid sec. 29(1)(a)(iii) & (2)(a)(ii)	Column 6 Total paid to punter (incl. stakes)
	R c	R c	R c	R c	R c	R c
TOTAL						

STATEMENT B

Date and no. of race	Total stakes on take-back bets R c	Amount won (excl. stakes) on take-back bets taken:		Taxes paid in terms of section 29(3) R c
		with a licensed bookmaker R c	with a totalisator R c	

TOTAL				
-------	--	--	--	--

**STATEMENT C
TAXES TO BE PAID**

1.	TOTAL TAX PAYABLE (section 29(1) and (2))	R _____
2.	LESS: Total amount of the taxes paid on take-back bets which are deductible in terms of proviso (i) to section 29(3) and which DO NOT exceed my liability in respect of a particular horse in a particular race	R _____
3.	TOTAL TAX TO BE PAID OVER	R _____
4.(a)	ANALYSIS OF TAXES PAID PER PARAGRAPH 3	
	Total amount of tax payable for the benefit of the Provincial Revenue Fund (Column 3 Statement A)	R _____
(b)	Total amount of tax payable for the benefit of the racing club/promoters of the gymkhana (Column 4 Statement A)	R _____

**STATEMENT D
BOOKMAKER'S WINNINGS/LOSSES**

Total stakes per column 1 (Statement A)	R _____
Less: Total pay-out per column 6 (Statement A)	R _____
TOTAL WON/LOST*	R _____

* Delete whichever is not applicable

39

ANNEXURE 2
PROVINCE OF KWAZULU-NATAL
REGULATION OF RACING AND BETTING ORDINANCE, 1957 (ORDINANCE NO. 28 OF
1957)
LIST OF TAKE-BACK BETS TO ACCOMPANY ANNEXURE 1 (IN TERMS OF REGULATION
38)

Full name of bookmaker

 (In case of a partnership, give full names of all partners)

Name under which business conducted**Physical address of betting room****Postal address**

Month and year in respect of which return is rendered (in respect of a return on bets made in a betting room)

Name of racing/gymkhana club (in respect of a return on bets made at a racecourse/gymkhana course)

Date of race meeting/gymkhana (in respect of a return on bets made at a racecourse/gymkhana course)

Name and address of bookmaker/totalisator	Name and No. of race	Horse on which taken	Take-back bet ticket No.

40

ANNEXURE 3
PROVINCE OF KWAZULU-NATAL
REGULATION OF RACING AND BETTING ORDINANCE, 1957 (ORDINANCE NO. 28 OF
1957)
AUTHORITY FOR REALISATION OF SECURITY GIVEN BY A BOOKMAKER IN TERMS OF
SECTION 26(3)

I,

(Full names)

hereby authorise the Director-General, at any time, and without requiring any further authority, to sell, realise and give conveyance of so much of the securities deposited by me in terms of section 26 of the Regulation of Racing and Betting Ordinance, 1957, as he or she may deem necessary and to apply the proceeds so far as may be required in payment of any sum for which I or my licensed partner or any relevant bookmaker licensed temporarily in terms of section 22(1) of the Ordinance to carry on my or my partner's business may be indebted to the Provincial Revenue Fund under the terms of the said Ordinance.

Signed at on this day of 20

.....
 Signature

ANNEXURE 4
 (To be lodged in duplicate)
 PROVINCE OF KWAZULU-NATAL
 REGULATION OF RACING AND BETTING ORDINANCE, 1957 (ORDINANCE NO. 28 OF 1957)
 CERTIFICATE BY RACING CLUB OR GYMKHANA CLUB

(Required by regulation 41 and must accompany a bookmaker's return submitted in terms of section 30(1) of Ordinance No. 28 of 1957)

I, _____

(Full names)

being Secretary/Authority-holder* (in terms of section 43(4) of the Ordinance) of _____ (name of racing club or gymkhana club) hereby certify that the statements attached hereto relating to a race meeting/gymkhana* held at _____ on _____ 20 were lodged with me by the respective bookmakers on the dates set out below.

Name of bookmaker	Date on which statement was lodged with me	Tax paid over to me in terms of section 29(1)(b)(i)	
		R	c

Total

The total tax R paid over to me in terms of section 29(1)(b)(i) as detailed herein is remitted herewith in compliance with the provisions of section 29(1)(c) of the Ordinance and regulation 41 of the regulations framed thereunder.

.....
 Signature (Secretary/Authority-holder*)

*Delete words not applicable

ANNEXURE 5
PROVINCE OF KWAZULU-NATAL
REGULATION OF RACING AND BETTING ORDINANCE, 1957 (ORDINANCE NO. 28 OF 1957)
(Section 3)
RACECOURSE LICENCE

Licence valid for the period ending 31 December 20

To whom issued

in his capacity as secretary of the.....Turf Club, a non-proprietary racing club.

Address

Situation of racecourse on which races may be held

Amount paid, receipt of which is hereby acknowledged

Rand

R						
---	--	--	--	--	--	--

Subject to the provisions of the Regulations of Racing and Betting Ordinance, 1957 (Ordinance No. 28 of 1957), the racing club named in this licence may hold horse races on the racecourse specified herein on the days designated as race days in terms of section 4 of the said Ordinance.

.....
Director-General

.....
Date stamp

<p>ANNEXURE 6</p> <p>PROVINCE OF KWAZULU-NATAL</p> <p>REGULATION OF RACING AND BETTING ORDINANCE, 1957 (ORDINANCE NO. 28 OF 1957)</p> <p>(Section 22)</p> <p>BOOKMAKER'S LICENCE</p>

Full names of bookmaker	
Passport no. or South African Identity no.	

Make an x in the appropriate space* and complete the applicable shaded fields:

This licence is valid * for the year ending 31 December

This licence is valid * for the period:- to

This licence is valid * on the following days: _____

This licence authorises * the **primary** betting room premises
the holder to operate at _____
in _____

This licence authorises * the **secondary** betting room
the holder to operate premises at _____
in _____

This licence authorises * on the licensed **racecourse** at _____
the holder to operate _____

Amount paid, receipt of which is hereby acknowledged: R

Receipt no.
Reference no.

Subject to the provisions of the Regulations of Racing and Betting Ordinance, 1957, and to any valid conditions attached to this license by way of annexure or endorsement, the person named in this licence may carry on the calling of a bookmaker at the place(s) this licence authorises him or her to do so, until the date(s) of expiry mentioned in this licence.

DIRECTOR-GENERAL

DATE STAMP

ANNEXURE 7
PROVINCE OF KWAZULU-NATAL
REGULATION OF RACING AND BETTING ORDINANCE, 1957 (ORDINANCE NO. 28 OF 1957)
STATEMENT OF TOTALISATOR TURNOVER

(Regulation 45)

Name of club

Date of race meeting or gymkhana

Place at which held

GROSS TOTALISATOR TURNOVER

- Item 1. Direct turnover:
 - (a) Total amount paid into the totalisator from takings at the abovementioned club's off-course office under section 28(2)(a) of the Ordinance R
 - (b) Total takings at the club's totalisator selling windows on the racecourse or gymkhana course R
- Item 2. Agency Turnover:
 Total amount paid into the totalisator through approved agents under section 28(2)(b) of the Ordinance

Name of agent	Amount paid in
	R
	R
	R
	R
	R
	R
	R
Total	R

SUMMARY

	Turnover	Rate	Amount Tax	
Item 1	R%	R	c
Item 2	R%	
Total				

Certified correct

.....
 Secretary of racing club /Authority-holder of gymkhana club*

*Delete words not applicable

No. 104**16 Julie 2010****KANTOOR VAN DIE PREMIER
REGULASIEKENNISGEWING****KWAZULU-NATAL REGULASIES BETREFFENDE PERDEWEDRENNE EN
WEDDENSCHAPSBEHEER, 2010**

Ek vaardig hiermee die regulasies, soos in die meegaande bylae vervat, uit ingevolge artikel 42 van die Ordonnansie op die Regulering van Wedrenne en Weddery, 1957 (Ordonnansie No. 28 van 1957), ten einde wedrenklub en weddery-aangeleenthede in die provinsie te reguleer.

Gegee onder my hand te Pietermaritzburg op hierdie Agt en Twentig dag van Mei, Tweeduisend-en-tien.

ZL MKHIZE

Lid van die Uitvoerende Raad van die provinsie KwaZulu-Natal
verantwoordelik vir dobbelary en weddery

BYLAE**RANGSKIKKING VAN REGULASIES**

Regulasie

INLEIDENDE BEPALINGS

1. Omskrywings
2. Vorms

**HOOFSUK 1
RENBAANLISENSIES**

3. Aansoeke om renbaanlisensie deur nie-geslote klub of vereniging
4. Hernuwing van renbaanlisensie
5. Finansiële opgawes
6. Sportfeeste

**HOOFSUK II
BEHEER VAN BEROEPSWEDDERS EN BESTUURDERS EN BEHEER EN BESTUUR VAN
WEDKAMERPERSEEL**

7. Komitee om beroepswedders te beheer en om wedkamerperseel te bestuur en beheer
8. Vergaderings van die komitee
9. Uitoefening van bevoegdhede om beroepswedders en bestuurders te beheer en om wedkamers te bestuur en beheer
10. Dissiplinêre bevoegdhede van komitee
11. Delegering van bevoegdhede aan subkomitee
12. Outomatiese reg tot appèl teen besluit van komitee
13. Aansoek om nuwe beroepswedderslisensie
14. Aansoek om tydelike beroepswedderslisensie
15. Aansoek om tydelike lisensie om op renbaan sake te doen
16. Verslae oor aansoeke
17. Toestaan en uitreiking van beroepswedderslisensie
18. Hernuwing van beroepswedderslisensie
19. Verandering van eienaarskap van beroepsweddersbesigheid
20. Wedkamerperseel
21. Verskuiwing van beroepsweddersbesigheid na ander perseel en wysiging van wedkamerperseel
22. Wedkamerure
23. Sekuriteit deur beroepswedders vir wedverpligtinge
24. Weddenskappeskillie
25. Eienaarskap en beheer van beroepsweddersbesigheid
26. Beroepsweddersrekords wat gehou moet word ten opsigte van handoptekenstelsel
27. Prosedures by die aangaan van 'n weddenskap waar handoptekenstelsel gebruik word
28. Gerekenariseerde optekenstelsel
29. Beroepsweddersrekords wat gehou moet word ten opsigte van gerekenariseerde optekenstelsel
30. Prosedures by aangaan van weddenskappe waar gerekenariseerde optekenstelsel gebruik word
31. Registrasie van bestuurder en klerk
32. Onbetaalde weddenskappe
33. Beroepswedder wat wanbetaal

34. Wedder wat wanbetaal
35. Wanbetaler: Jokkieklub van Suid-Afrika

HOOFSTUK III

BELASTING OP WEDTRANSAKSIES OP PERDEWEDRENNE

36. Sekuriteit vir belasting
37. Belasting op wenweddenskappe met beroepswedders op perdewedrenne
38. Opgawe vir belastingdoeleindes
39. Belastingopgawe: Totalisatoragentskapsraad
40. Versuim om opgawe vir belastingdoeleindes in te dien
41. Sertifikaat deur renklub of sportfeesklub ten opsigte van weddenskappe op perdewedrenne
42. Minimum opbrengs aan persone by die wen van pari-mutuel weddenskappe wat op totalisator aangegaan word
43. Belasting op pari-mutuel weddenskappe wat op totalisator aangegaan word
44. Belasting, persentasies of kommissie op weddenskappe met 'n vaste wedprys wat op totalisator ten opsigte van perdewedrenne aangegaan word
45. Indien van opgawe en betaling van belasting

HOOFSTUK IV

ALGEMEEN

46. Goedkeuringsprosedure: ander gebeurtenisse en gebeurlikhede
47. Veeartsbehandeling van perde

HOOFSTUK V

BELASTING OP WEDTRANSAKSIES OP SPORTGEBEURTENISSE EN ANDER GEBEURTENISSE OF GEBEURLIKHEDE

48. Sekuriteit vir sportweddenskapbelasting
49. Belastingheffing van wedtransaksies aangegaan deur beroepswedders op sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede en ten opsigte van weddenskappe met 'n vaste wedprys wat op totalisator ten opsigte van sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede aangegaan is
50. Versuim om opgawe vir belastingdoeleindes in te dien of belasting, persentasies of kommissies teen vervalddag te betaal
51. Benutting van gelde wat aan komitee toeval
52. Herroeping van regulasies
53. Kort titel en inwerkingtreding

BYLAES 1 - 7

INLEIDENDE BEPALINGS

Omskrywings

1. In hierdie regulasies beteken "**die Ordonnansie**" die Ordonnansie op die Regulering van Wedrenne en Weddery, 1957 (Ordonnansie No. 28 van 1957), en enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Ordonnansie geheg is, dra die betekenis daaraan geheg, en tensy uit die konteks anders blyk, beteken –

"familleid" enige van die volgende, na gelang van die geval:

- (a) 'n man of 'n vrou, enige vennoot in 'n huwelik wat kragtens enige tradisie voltrek is of kragtens enige godsdienstige regstelsel, of enige vennoot in 'n verhouding waar die partye saamleef op 'n wyse wat ooreenstem met 'n

huweliksvennootskap, 'n huwelik wat kragtens enige tradisie of kragtens enige godsdienstige regstelsel voltrek is;

(b) 'n kind wat uit enigeen van die huwelike of verbintenisse vermeld in paragraaf (a) gebore word of 'n kind wat uit een van die vennote vermeld in die vermelde paragraaf gebore word; of

(c) die ouers van 'n persoon vermeld in paragraaf (a) en die ouers van sodanige persoon se man, vrou of vennoot vermeld in die vermelde paragraaf (a);

“gerekenariseerde optekenstelsel” 'n optekenstelsel wat die gebruik van elektroniese rekenaartoerusting en rekenaarsagteware behels, gebruik deur 'n beroepswedder vir die doel om besonderhede op te teken van alle weddenskappe wat aangegaan is en besonderhede van alle dekkingsweddenskappe wat aangegaan is, wat outomaties die voorgeskrewe rekords genereer;

“hoof- uitvoerende beampte” die hoof- uitvoerende beampte bedoel in regulasie 7(8);

“komitee” die komitee ingevolge artikel 21A van die Ordonnansie aangestel;

“pari-mutuel weddenskap” 'n weddenskap aangegaan ooreenkomstig die weddenskapstelsel bedoel in paragraaf (b) van die omskrywing van totalisator in artikel 2 van die Ordonnansie;

“politieke ampsdraer” –

(a) 'n lid van die Nasionale Vergadering, die Nasionale Raad van Provinsies of die Kabinet;

(b) 'n lid van 'n provinsiale wetgewer of van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie;

(c) 'n munisipale raadslid;

(d) 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Republiek wat nie 'n lid van die staatsdiens is nie;

(e) 'n lid van 'n huis van tradisionele leiers; of

(f) 'n nasionale of provinsiale ampsdraer van 'n politieke party, organisasie, liggaam, alliansie of beweging geregistreer ingevolge artikel 15 of 15A van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996);

“primêre wedkamerperseel” die perseel waarvandaan die beroepsweddersbesigheid hoofsaaklik bedryf word, soos in die beroepswedderslisensie vermeld en wat gedurende gewone besigheidsure vir die publiek oop is;

“sekondêre wedkamerperseel” die residensiële perseel waar die beroepswedder gewoonlik woon, welke perseel nie oop is vir die publiek nie en waar gemagtigde aktiwiteite ten opsigte van beroepswedderij plaasvind; en

“vereniging” die Natalse Beroepsweddersvereniging (Koöp) Bpk as die vereniging van beroepswedders goedgekeur deur die Minister, soos in artikel 21(1) van die Ordonnansie bedoel; en

“weddenskap met vaste wedprys” 'n weddenskap waarin 'n beroepswedder of die agent soos bedoel in artikel 28(3) van die Ordonnansie uitdruklik aanbied om 'n vasgestelde bedrag aan enige persoon wat 'n wenweddenskap met die beroepswedder of totalisator aangegaan het, te betaal, min enige wettige aftrekkings.

Vorms

2. Die volgende vorms word hiermee voorgeskryf vir die doel van aangeleenthede wat hierna onderskeidelik vermeld word:

Bylae 1 – Verklaring en opgawes deur 'n beroepswedder of die agent, soos in artikel 28(3) van die Ordonnansie bedoel, wat weddenskappe met vaste wedpryse aanbied ten opsigte van die belasting wat oorbetaal moet word op weddenskappe op perdewedrenne en enige dekkingsweddenskappe ten opsigte waarvan 'n aftrekking geëis word

Bylae 2 – Lys van dekkingsweddenskappe wat bylae 1 moet vergesel

Bylae 3 – Magtiging om sekuriteit verskaf deur 'n beroepswedder ooreenkomstig artikel 26(3) van die Ordonnansie te realiseer

Bylae 4 – Sertifikaat deur renklub of sportfeesklub

Bylae 5 – Renbaanlisensie

Bylae 6 – Beroepswedderslisensie

Bylae 7 – Opgawe van totalisatoromset

HOOFSTUK 1 RENBAANLISENSIES

Aansoeke om renbaanlisensie deur nie-geslote klub of vereniging

3.(1) 'n Nie-geslote klub of vereniging wat van voorneme is om 'n renbaanlisensie te bekom ingevolge artikel 3 van die Ordonnansie moet, na voldoening aan die vereistes soos in subregulasies (2) en (3) bedoel, 'n skriftelike aansoek by die Direkteur-generaal indien.

(2) 'n Nie-geslote klub of vereniging moet –

- (a) 'n kennisgewing in twee of meer koerante publiseer in die gebied waarin 'n voorgestelde renbaan gevestig moet word; en
- (b) die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel ten minste een maal per week vir vier opeenvolgende weke laat publiseer.

(3) Die kennisgewing in subregulasie (2)(a) bedoel, moet die volgende aandui –

- (a) die voorneme om aansoek om 'n renbaanlisensie te doen;
- (b) dat belanghebbende persone skriftelike besware saam met redes vir sodanige besware by die Direkteur-generaal kan indien nie later nie as een week na die laaste datum van publikasie.

Hernuwing van renbaanlisensie

4. Elke renklub wat 'n renbaanlisensie aan hom uitgereik ingevolge artikel 3(1) van die Ordonnansie wil hernu, moet aansoek by die Direkteur-generaal doen nie minder nie as twee maande voor die verstryking van sodanige lisensie.

Finansiële opgawes

5. Elke renklub moet elke jaar, onmiddellik na die uitreiking van sy balansstaat en inkomste- en uitgawerekening vir die voorafgaande finansiële jaar aan sy lede, 'n afskrif aan die Direkteur-generaal verskaf.

6

Sportfeeste

6. 'n Aansoek om die Minister se magtiging om 'n sportfees te hou ingevolge artikel 6A van die Ordonnansie moet aan die Direkteur-generaal gerig word en moet die volgende meld –

- (a) die naam van die klub of vereniging wat die sportfees ondersteun;
- (b) die datum van die sportfees en die plek waar dit gehou moet word;
- (c) of die program enige “**perdewedren**” omskryf in artikel 2 van die Ordonnansie insluit, en, indien wel, of die program deur die KwaZulu-Natal Uitvoerende Bestuur van die Jokkieklub van Suid-Afrika goedgekeur is;
- (d) die volle naam en adres van die persoon in wie se naam magtiging om die sportfees te hou, uitgereik moet word en wat kragtens artikel 43(4) van die Ordonnansie verantwoordelik sal wees vir behoorlike nakoming van die bepalings van die Ordonnansie;
- (e) of die promotors van die sportfees van voorneme is om 'n totalisator by die sportfees te bedryf; en
- (f) of die promotors van voorneme is om 'n beroepswedder te magtig om by die sportfees sake te doen.

HOOFSTUK II

BEHEER VAN BEROEPSWEDDERS EN BESTUURDERS EN BEHEER EN BESTUUR VAN WEDKAMERPERSEEL

Komitee om beroepswedders te beheer en om wedkamerperseel te bestuur en beheer

7.(1) Vir die doel van die verrigting van sy funksies en pligte en uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge die Ordonnansie is die komitee –

- (a) bekend as die KwaZulu-Natal Beroepsweddersbeheerkomitee;
- (b) 'n regspersoon; en
- (c) beklee met die bates en aanspreeklikhede, indien enige, van die komitee.

(2) Alle gelde of ander inkomste wat uit watter bron ookal aan die komitee toeval, moet in 'n bankrekening wat deur die Minister goedgekeur is en in die naam van die komitee oopgemaak is, betaal word.

(3) Enige gelde tot die komitee se krediet en beskikbaar vir belegging moet belê word vir, namens en ten voordele van die komitee en in sy naam in sodanige rekening soos deur die Minister goedgekeur.

(4) Wanneer vaste eiendom namens die komitee verkry word, kan die Minister sodanige voorwaardes, soos hy of sy met inbegrip van beperkende titelvoorwaardes nodig ag, stel en vereis dat sodanige voorwaardes teen die titelaktes van die eiendom geregistreer word.

(5) Enige vaste eiendom wat deur die komitee verkry word, moet in sy naam geregistreer word.

(6)(a) Die komitee word nie toegelaat om enige van sy surplus fondse aan enige persoon te versprei nie en moet sy fondse alleenlik gebruik vir belegging of vir die doelwitte waarvoor die komitee gestig is: Met dien verstande dat niks die komitee kan verhinder om goedere en dienste wat bekom is vir die doel om die doelwitte te bereik waarvoor hy gestig is, te verkry en daarvoor te betaal nie.

(b) By ontbinding van die komitee moet sy bates deur 'n persoon wat deur die Minister aangestel is, gerealiseer word en nadat alle skulde betaal is, moet die balans, indien enige, in die Provinsiale Inkomstefonds betaal word.

(7) Die komitee kan sodanige aantal persone in diens neem soos hy geskik ag vir die behoorlike uitoefening van sy bevoegdhede of pligte: Met dien verstande dat die nodige fondse beskikbaar is en dat die komitee die nodige voorsiening in sy jaarlikse begrotingsplan maak vir alle kostes wat met die indiensneming van sy personeel verband hou.

(8) Die postitel van die mees senior werknemer aangestel deur die komitee is dié van hoofuitvoerende beampste en hy of sy moet, buiten die bevoegdhede, funksies en pligte soos in sy of haar dienskontrak uiteengesit, die bevoegdhede, funksies en pligte uitvoer soos in hierdie regulasies uiteengesit.

(9) Die werksverrigting van alle werknemers van die komitee moet gemonitor en bestuur word deur 'n prestasiebestuursbeleid, wat die vereiste moet inkorporeer dat alle werknemers 'n prestasiebestuurssooreenkoms aangaan.

(10)(a) Die rekeningboeke wat met die finansiële sake van die komitee verband hou moet jaarliks deur 'n ouditeur wat deur die Minister goedgekeur is, geoudit word.

(b) 'n Geouditeerde staat van die komitee se finansiële sake moet jaarliks aan die Direkteur-generaal voorgelê word binne negentig dae na die einde van die komitee se finansiële jaar.

(11) Die Minister moet die eise-en-vergoedingsbeleid en die vergoedingskale van die voorsitter, adjunkvoorsitter en lede van die komitee bepaal.

(12) 'n Persoon is onbevoeg om op die komitee aangestel te word of om op die komitee aan te bly, indien –

(a) hy of sy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie;

(b) hy of sy nie 'n inwoner van KwaZulu-Natal is nie;

(c) hy of sy, ten tyde van die aanstelling, of gedurende die voorafgaande 12 maande –

(i) 'n persoon bedoel in artikel 8(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994); of

(ii) 'n politieke ampsdraer,

is of was;

(d) sy of haar familielid 'n persoon bedoel in paragraaf (c)(ii) is;

(e) hy of sy 'n lid van 'n direksie van enige dobbel- of fondsinsamelingsprojek is, 'n beherende aandeel of enige finansiële of ander belang in enige dobbel- of fondsinsamelingsprojek het of 'n direkte of indirekte finansiële belang in enige dobbel- of fondsinsamelingsprojek verkry of in diens is van enige persoon, maatskappy, organisasie of ander liggaam, hetsy geïnkorporeer of nie geïnkorporeer nie, wat 'n belang bedoel in hierdie paragraaf het;

(f) sy of haar familielid 'n lid van 'n direksie of enige dobbel- of fondsinsamelingsprojek is of enige direkte of beherende aandeel in sodanige aktiwiteit het;

(g) hy of sy 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(h) hy of sy –

(i) 'n persoon onder kuratorskap is;

(ii) kragtens artikel 9 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973) gesertifiseer is, en nie uit 'n instelling bedoel kragtens sodanige Wet ontslaan is nie; of

(iii) onweerlegbaar bewys word verstuur te wees of wat aan 'n liggaamsgebrek ly wat hom of haar verhoed om die pligte van sy of haar amp behoorlik te verrig;

(i) hy of sy te eniger tyd uit 'n vertrouensamp verwyder is as gevolg van wangedrag wat diefstal of bedrog behels;

(j) hy of sy skuldig bevind en gevonnissen is tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, behalwe dat die Minister, ten opsigte van 'n persoon wat by benoeming vir aanstelling volledige besonderhede van 'n misdryf in 'n beëdigde verklaring openbaar, 'n skuldigbevinding kan kondoneer: Met dien verstande dat dit nie 'n skuldigbevinding is nie vir 'n misdryf waarby moord betrokke is, strafbare manslag waarby aanranding betrokke is, verkragting, roof, diefstal, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Korrupte Aktiwiteite, 2004 (Wet No. 12 van 2004), die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998 (Wet No. 121 van 1998), of die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001), enige ernstige misdryf waarby oneerlikheid betrokke is, 'n misdryf betreffende handel in gelyste stowwe en dwelmmiddels, 'n misdryf wat verband hou met die opbrengs van omskrewe misdaad soos in die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet No. 140 van 1992) bedoel, of enige misdryf kragtens die Ordonnansie of enige ander soortgelyke wet: Voorts met dien verstande dat –

(i) enige skuldigbevinding of vonnis wat deur 'n hof buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika opgelê is, nie vir die doeleindes van hierdie paragraaf in ag geneem moet word nie, tensy sodanige misdryf op daardie tydstip 'n misdryf sou gewees het indien dit binne die Republiek van Suid-Afrika begaan sou gewees het; en

(ii) geen persoon vir die doeleindes van hierdie paragraaf geag word skuldig bevind en gevonnissen te gewees het nie –

(aa) alvorens enige appèl wat teen sodanige skuldigbevinding of vonnis aangeteken of ingedien is, aangehoor en uitspraak daaroor gelewer is;

(bb) alvorens geen sodanige appèl teen sodanige skuldigbevinding of vonnis aangeteken is binne die tyd wat kragtens wet vir sodanige aantekening of indiening toegelaat word; of

(cc) indien hy of sy amnestie of algehele kwytskelding by die bevoegde gesag ontvang het nie;

(k) hy of sy 'n werknemer van 'n totalisator is, of 'n totalisatoragent, of 'n werknemer van sodanige agent is, soos in die Ordonnansie bedoel;

(l) hy of sy of sy of haar familielid 'n beherende belang of enige finansiële of ander belang in enige beroepswedderlisensiehouer, totalisator, totalisatoragent of houer van 'n renbaanlisensie het, soos in die Ordonnansie bedoel;

(m) hy of sy of sy of haar familielid 'n beherende belang of enige finansiële of ander belang in enige onderneming, met inbegrip van 'n korporatiewe liggaam, wat 'n eienaar, teler of afrigter is of renperde het; of

(n) hy of sy volgens 'n hofbevel gelys is in die register van uitgeslote persone bedoel in artikel 14(7) van die Nasionale Dobbeltwet, 2004 (Wet No. 7 van 1994).

(13) Indien 'n lid van die komitee gedurende sy of haar ampstermyn ingevolge subartikel (12) onbevoeg raak, moet hy of sy onmiddellik die onbevoegdheid skriftelik aan die Minister bekend maak, wat onverwyld stappe moet doen om die vakature te vul.

(14) Vir die doeleindes van subregulasie (12)(e), (l) en (m), sluit 'n finansiële belang nie 'n onregstreekse belang in wat in enige fonds of belegging gehou word nie indien die persoon wat daardie belang hou geen beheer het oor die beleggingsbesluite wat ten opsigte van daardie fonds of belegging gemaak word nie.

Vergaderings van die komitee

8.(1) Die voorsitter of, in sy of haar afwesigheid, die adjunkvoorsitter moet die datum, tyd en plek van elke vergadering van die komitee bepaal.

(2) 'n Kworum van die komitee moet vier wees, bestaande uit vier lede of plaasvervangende lede, of vier lede en plaasvervangende lede.

(3) Besluite van die komitee moet geneem word deur 'n meerderheidstem: Met dien verstande dat, in die geval van 'n staking van stemme, die voorsitter, of in sy of haar afwesigheid, die adjunkvoorsitter of in albei se afwesigheid, die persoon wat ingevolge subregulasie (4) verkies is, 'n beslissende stem asook 'n gewone stem het.

(4) Die voorsitter of in sy of haar afwesigheid, die adjunkvoorsitter, moet by enige vergadering voorsit. Indien die voorsitter sowel as die adjunkvoorsitter by 'n vergadering van die komitee afwesig is, moet die lede en plaasvervangende lede dan teenwoordig uit hul eie geledere 'n persoon verkies om vir die duur van daardie vergadering as voorsitter op te tree.

Uitoefening van bevoegdhede om beroepswedders en bestuurders te beheer en om wedkamers te bestuur en beheer

9. Die komitee kan, behoudens –

- (a) die goedkeuring van die Minister; en
- (b) publikasie van die konsepreëls vir openbare kommentaar, in die *Provinsiale Gazette*,

reëls uitvaardig vir die –

- (i) beheer van beroepswedders; en
- (ii) bestuur en beheer van wedkamers en sodanige ander plekke waarby 'n beroepswedder weddenskappe kan aanvaar soos voorgeskryf mag word.

Dissiplinêre bevoegdhede van komitee

10.(1) Die komitee, sy afgevaardigde of diegene van sy werknemers wat as inspekteurs aangestel is, moet enige bewering ondersoek wat verband hou met 'n beroepswedder, 'n geregistreerde bestuurder of 'n geregistreerde klerk –

- (a) aangaande gedrag teenstrydig met enige gedragskode wat 'n beroepswedder, geregistreerde bestuurder of geregistreerde klerk bind;
- (b) aangaande pligsversuim of versuim om 'n verpligting na te kom wat die Ordonnansie, hierdie regulasies, of die voorwaardes van sy of haar lisensie of die reëls vermeld in regulasie 9 hom of haar opleë; of
- (c) dat hy of sy namens enige ander beroepswedder party was by sodanige gedrag of versuim vermeld in paragraaf (a) of (b);

en kan na sodanige ondersoek en by aanvoering van gegronde redes 'n skriftelike kennisgewing of tydelike opskorting onmiddellik op die beroepswedder, die geregistreerde bestuurder of op die geregistreerde klerk beteken waarin die volgende gespesifiseer moet word –

- (i) die tydperk waarvoor die beroepswedderslisensie of die bestuurder of klerk se registrasiesertifikaat opgeskort word; en
- (ii) die datum waarop sodanige beroepswedder, bestuurder of klerk voor die komitee moet verskyn vir 'n verhoor soos in subregulasie (4) bedoel:

Met dien verstande dat die tydperk en datum waarna hierbo verwys word, nie sewe dae na die datum van die kennisgewing oorskry nie.

(2) In 'n geval waarin 'n kennisgewing van tydelike opskorting ingevolge hierdie regulasie uitgereik is, moet die persoon of liggaam wat die kennisgewing uitgereik het, binne 48 uur na uitreiking van die kennisgewing 'n volledige verslag oor die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die vermelde opskorting aan die hoof- uitvoerende beampte verskaf.

(3) Die komitee het die mag om 'n tydelike opskorting deur sy gedelegeerde of werknemer tersyde te stel voor die datum waarop daar van die beroepswedder, die geregistreerde bestuurder, of geregistreerde klerk vereis word om voor hom te verskyn: Met dien verstande dat die tersydestelling van 'n tydelike opskorting nie die beroepswedder, die bestuurder, of die betrokke klerk daarvan vrystel om voor die komitee te verskyn op die datum wat in die kennisgewing van tydelike opskorting vermeld word nie, tensy die komitee 'n ander datum vir hierdie doel vasgestel het.

(4) Wanneer 'n beroepswedder voor die komitee verskyn vir 'n verhoor aangaande die aangeleenthede wat aanleiding gegee het tot die tydelike opskorting van sy of haar lisensie, kan die komitee, aan die einde van die verhoor, 'n besluit neem om –

- (a) die opskorting tersyde stel;
- (b) sodanige beroepswedderslisensie vir sodanige verder tydperk soos hy nodig ag, op te skort; of
- (c) 'n boete op te lê van enige bedrag wat nie R25 000-00 oorskry nie vir elke insident wat met sodanige gedrag of versuim vermeld in subregulasie (1) by sodanige beroepswedder verband hou, met of sonder die opskorting van sy of haar lisensie bykomend tot, of as 'n alternatief vir betaling van sodanige boete: Met dien verstande dat die totale boete opgelê vir meer as 40 insidente wat met sodanige gedrag of versuim verband hou, nie R1 000 000-00 mag oorskry nie.

(5) Wanneer 'n geregistreerde bestuurder of 'n geregistreerde klerk voor die komitee verskyn by 'n verhoor bedoel in subregulasie (4), kan die komitee, aan die einde van die verhoor, 'n besluit neem om –

- (a) die opskorting tersyde te stel;
- (b) sodanige bestuurder of klerk se registrasiesertifikaat vir sodanige verdere tydperk soos hy nodig ag, op te skort;
- (c) sodanige bestuurder of klerk se registrasiesertifikaat onverwyld te kanselleer; of
- (d) 'n boete oplê wat nie –
 - (i) R5 000-00 oorskry nie vir elke insident wat verband hou met sodanige gedrag of versuim soos vermeld in subregulasie (1) deur sodanige bestuurder, met of sonder die opskorting of kansellering van sy of haar registrasiesertifikaat bykomend tot, of as 'n alternatief vir betaling van sodanige boete.
 - (ii) R1 000-00 oorskry nie vir elke insident wat verband hou met sodanige gedrag of versuim soos vermeld in subregulasie (1) deur sodanige klerk, met of sonder die opskorting of kansellering van sy of haar registrasiesertifikaat bykomend tot, of as 'n alternatief vir betaling van sodanige boete.

(6) Die komitee, sy afgevaardigde, of diegene van sy werknemers wat as inspekteurs aangestel is, het ook die mag om enige gedrag en versuim bedoel in subregulasie (1)(a), (b) en (c) te ondersoek sonder dat daar van hulle vereis word om 'n tydelike kennisgewing van opskorting uit te reik, in welke geval die bepalinge van subregulasie (4)(b) en (c) en subregulasie (5)(b), (c) en (d) *mutatis mutandis* van toepassing is.

(7)(a) 'n Beroepswedder, geregistreerde bestuurder of geregistreerde klerk ten opsigte van wie 'n ondersoek ingevolge subregulasies (1) en (6) gehou word, moet persoonlik voor die komitee verskyn en daarop geregtig wees om getuienis af te lê en hetsy persoonlik, of deur 'n advokaat of prokureur, aangehoor te word, getuies te roep, getuies wat deur 'n ander party of deur die komitee geroep word, te kruisondervra en dokumente en items wat as bewysstukke getoon word, te inspekteer.

(b) Voordat 'n beroepswedder, geregistreerde bestuurder of geregistreerde klerk bedoel in paragraaf (a) of enige getuie getuienis voor die komitee aflê, moet hy of sy 'n eed of 'n plegtige verklaring aflê, welke eed of plegtige verklaring deur die voorsitter of die adjunkvoorsitter van die komitee, na gelang van die geval, afgeneem moet word.

(c) Na aflegging van 'n eed of 'n plegtige verklaring, is 'n persoon wat valse getuienis oor enige aangeleentheid voor die komitee aflê, wetende dat sodanige getuienis vals is of indien hy of sy nie weet of glo dat dit waar is nie, skuldig aan 'n misdryf.

(d) Sou 'n beroepswedder, geregistreerde bestuurder of geregistreerde klerk versuim om voor die komitee te verskyn, kan die komitee in die afwesigheid van sodanige beroepswedder, geregistreerde bestuurder of geregistreerde klerk die bevoegdhede vermeld in subregulasies (4) en (6) in die geval van 'n beroepswedder en subregulasies (5) en (6) in die geval van 'n bestuurder of 'n klerk uitoefen.

(8) In die geval van 'n besluit om 'n boete op te lê, stel die aanteken van 'n appèl teen 'n besluit van die komitee wat ingevolge subregulasies (4), (5) of (6) hiervan geneem is, nie die uitvoering van sodanige besluit uit nie.

(9) Enige boete wat ingevolge hierdie regulasie opgelê is, val aan die komitee toe.

(10) 'n Ondersoek wat ingevolge hierdie regulasie uitgevoer word, word nie geraak deur 'n beweerde of tegniese verkoping deur die betrokke beroepswedder van sy of haar reg om besigheid as 'n beroepswedder voort te sit nie, en die komitee se mag om sodanige ondersoek ingevolge subregulasie (4) of (6) te hanteer, duur voort en enige besluit deur hom ingevolge daarvan is bindend en toepaslik op die vermelde beroepswedder nieteenstaande die feit dat hy of sy dan nie meer aktief voortgaan om sake as 'n beroepswedder te doen nie.

(11) Binne sewe dae nadat 'n besluit bedoel in subregulasie (4) of (5) geneem is, moet die komitee gedetailleerde skriftelike redes vir sy besluit aan alle persone en liggame wat deur die besluit geraak word, verskaf.

(12) Die komitee moet die formaat van en die wyse bepaal waarop die verhore bedoel in subregulasies (4) of (5) hiervan uitgevoer moet word, met inbegrip van, onder andere, aangeleenthede soos die toelaatbaarheid van getuienis.

Delegering van bevoegdhede aan subkomitee

11.(1) Die komitee moet, by die uitoefening van sy bevoegdhede om kragtens artikel 21A(3) van die Ordonnansie aan 'n subkomitee te deleger, 'n lid daarvan as voorsitter aanwys.

(2) Die kworum van 'n subkomitee is twee lede.

(3) Die bepaling van regulasie 8(3) is *mutatis mutandis* op subkomitees van toepassing.

Outomatiese reg tot appèl teen besluit van komitee

12.(1) 'n Appèl ingevolge artikel 21B van die Ordonnansie moet aangeteken word deur, binne 21 dae na die besluit waarteen appèl aangeteken word, 'n skriftelike kennisgewing van appèl met uiteensetting van die gronde waarop die appèl gebaseer is, by die hoof- uitvoerende beamppte in te dien.

(2) 'n Appellant moet, wanneer hy of sy appèl ingevolge subregulasie (1) aanteken, aan die komitee –

- (a) 'n deposito van R4 000-00 betaal; of
- (b) 'n deposito van R500-00 betaal indien die appellant 'n wedder is wat appèl by die Minister aanteken teen 'n besluit van die komitee ingevolge regulasie 24(9); of
- (c) 'n deposito van R5 000-00 betaal indien die appellant 'n beroepswedder is wat appèl by die Minister aanteken teen 'n besluit van die komitee ingevolge regulasie 24(9);
- (d) indien die appellant 'n werknemer van die komitee is wat ingevolge regulasie 10 optree om bewerings teen 'n beroepswedder, 'n geregistreerde bestuurder of 'n geregistreerde klerk te ondersoek, geen deposito betaalbaar is nie.

(3) Indien die appèl aan die Minister oor 'n besluit van die komitee is, moet die komitee, binne sewe dae na die aanteken van 'n appèl, 'n afskrif van die kennisgewing van appèl en alle ander dokumente en transkripte wat met die appèl verband hou, saam met 'n afskrif van die komitee se redes vir sy besluit, aan die Direkteur-generaal stuur vir oorweging deur die Minister.

(4) Indien 'n appèl aan die komitee oor 'n besluit van sy gedelegeerde is, moet die voorsitter so gou doenlik 'n vergadering van die komitee belê by welke vergadering die appèl deur die komitee aangehoor word, in die afwesigheid van sodanige gedelegeerde, tensy die komitee nie in die afwesigheid van sy gedelegeerde 'n kworum kan bly nie, in welke geval die komitee die appèl na die Direkteur-generaal moet verwys vir oorweging deur die Minister.

(5) Die Minister moet die appèl so gou doenlik oorweeg en na oorweging van die appèl, kan hy of sy –

- (a) die appèl van die hand wys en die besluit van die komitee bekragtig;
- (b) die appèl in geheel of gedeeltelik bekragtig en sy of haar besluit vervang of die komitee se besluit wysig;
- (c) die aansoek na die komitee terugverwys vir heroorweging en beslissing met sodanige instruksies soos hy of sy toepaslik ag;
- (d) gelas dat enige deposito wat betaal is, terugbetaal word nadat die Minister die appèl aangehoor het, of indien die appèl onttrek is voordat die Minister dit aanhoor, ten tyde van die ontvangs van die kennisgewing van die onttrekking van die appèl; of
- (e) verbeuring gelas van enige deposito betaal indien hy of sy 'n appèl as beuselagtig beskou.

(6) Die Direkteur-generaal moet die komitee van die Minister se besluit in kennis stel.

(7) Die komitee kan –

- (a) in die geval van 'n appèl aan hom teen 'n besluit van sy gedelegeerde, gelas dat enige deposito wat betaal is, terugbetaal word nadat die komitee die appèl aangehoor het of indien die appèl onttrek word voordat die komitee dit aanhoor, ten tyde van die ontvangs van die kennisgewing van die onttrekking van die appèl; of
- (b) verbeuring gelas van enige deposito betaal indien hy 'n appèl as beuselagtig beskou.

Aansoek om nuwe beroepswedderslisensie

13.(1) 'n Aansoek om 'n nuwe beroepswedderslisensie moet aan die Direkteur-generaal gerig word in 'n formaat soos deur die aangestelde beampte bepaal en moet in tweevoud ingedien word.

(2) Die aansoek moet vergesel gaan deur –

- (a) 'n gesertifiseerde afskrif van die verkoopsooreenkoms wat die aansoeker se voorgestelde verkryging van die geheel of 'n gedeelte van die betrokke beroepsweddersbesigheid beheer;
- (b) 'n afskrif van enige vennootskapsooreenkoms, indien van toepassing;
- (c) bewys van lidmaatskap van die vereniging;
- (d) die aansoekgelde wat in die eerste bylae van hierdie Ordonnansie voorgeskryf is, welke gelde aan die komitee toeval;
- (e) skriftelike toestemming van die toepaslike renklub indien die aansoeker van voorneme is om op 'n renbaan sake te doen;
- (f) die aansoeker se inkomstebelasting-registrasienumer;
- (g) afskrifte van die aansoeker se belastingaanslae of opgawes vir die twee voorafgaande belastingjare van die jaar waarin aansoek gedoen is;
- (h) die aansoeker se skriftelike toestemming vir die uitvoer van 'n ondersoek deur die komitee, of deur die komitee se agent, konsultant of werknemer, van sy of haar finansiële agtergrond, finansiële status, besigheidsgeskiedenis, werksgeskiedenis en enige ander aangeleentheid wat in die lisensie-aansoekvorm vereis word;
- (i) 'n volledige stel van die aansoeker se vingerafdrukke, soos vanaf die Suid-Afrikaanse Polisie bekom is; en
- (j) bewys van betaling aan die Suid-Afrikaanse Polisie van die gelde ten opsigte van 'n versoek om 'n sertifikaat wat die aansoeker se kriminele rekordstatus aandui.

(3) Die toestaan van 'n beroepswedderslisensie waarvoor ingevolge hierdie regulasie aansoek gedoen is, is onderhewig aan die toepaslike bepalinge van artikel 22 van die Ordonnansie.

(4) Daar kan van 'n aansoeker wat nie alreeds 'n beroepswedderslisensie in KwaZulu-Natal hou nie, vereis word om 'n evaluasie van sy of haar kennis van die beroepsweddersbesigheid en van die reg wat op beroepswedderij van toepassing is, te ondergaan.

(5) Die evaluasie bedoel in subregulasie (4) sal deur die komitee geadministreer word.

Aansoek om tydelike beroepswedderslisensie

14.(1) Aansoek om 'n tydelike beroepswedderslisensie moet deur die aansoeker aan die Direkteur-generaal gerig word en moet vergesel gaan deur –

- (a) betaling van die tydelike lisensiegelde wat in die eerste bylae van hierdie Ordonnansie voorgeskryf is;
- (b) die naam en fisiese adres van die beroepswedder deur wie die aansoeker in diens geneem word; en
- (c) 'n beëdigde verklaring deur die aansoeker wat vermeld dat hy of sy nie uit hoofde van die bepalinge van artikel 49 van die Nasionale Dobbeltwet, 2004 (Wet No. 7 van 2004) onbevoeg is vir sodanige diens nie.

(2) Aansoek om 'n tydelike beroepswedderslisensie moet gedoen word deur 'n vorm soos wat deur die aangestelde beampte goedgekeur is, vir daardie doel te gebruik.

(3) 'n Tydelike beroepswedderslisensie wat ingevolge artikel 22 van die Ordonnansie deur die Minister toegestaan en deur die Direkteur-generaal uitgereik is, moet behoudens die volgende voorwaardes toegestaan word –

- (a) dat die lisensiehouer slegs in die wedkamer van 'n gelisensieerde beroepswedder sake doen; en
- (b) dat 'n beroepswedder deur wie die aansoeker tydelik in diens geneem word die indiensneming van die tydelike beroepswedder bevestig.

(4) 'n Tydelike beroepswedderslisensie moet die volgende weerspieël –

- (a) die volle naam van die tydelike beroepswedder na wie sodanige lisensie verwys;
- (b) die tydperk waarvoor die lisensie geldig is; en
- (c) die datum van uitreiking.

(5) Elke tydelike beroepswedderslisensie is persoonlik aan die houer en kan nie oorgedra of andersins vervreem word nie.

(6) Indien 'n beroepswedder of 'n vennootskap van beroepswedders 'n tydelike beroepswedder in diens neem, is sodanige beroepswedder of vennote gesamentlik en afsonderlik –

- (a) aanspreeklik vir al die pligte en verpligtinge wat die Ordonnansie 'n beroepswedder oplê; en
- (b) verantwoordelik vir al die vermeldde tydelike beroepswedderswerkzaamhede wat met die beroepsweddersbesigheid verband hou.

Aansoek om tydelike lisensie om op renbaan sake te doen

15.(1) 'n Aansoek deur 'n beroepswedder om vir een dag op 'n renbaan sake te doen, moet aan die betrokke renklub gerig word.

(2) Elke aansoek ingevolge subregulasie (1) moet deur die betrokke renklub oorweeg word wat, by betaling van die gelde wat in die eerste bylae van die Ordonnansie voorgeskryf is, die betrokke lisensie kan uitreik.

(3) Die gelde vermeld in subregulasie (2) moet binne 7 dae na die uitreiking van die betrokke lisensie deur die betrokke renklub aan die Direkteur-generaal betaal word.

Verslae oor aansoeke

16.(1) By ontvangs van 'n aansoek om 'n nuwe beroepswedderslisensie bedoel in regulasie 13, moet die Direkteur-generaal –

- (a) 'n afskrif van die aansoek en van die dokumente vermeld in regulasie 13(2) aan die komitee en die vereniging bedoel in artikel 21(1) van die Ordonnansie verskaf;
- (b) terselfdertyd versoek dat die komitee 'n verslag binne 'n spesifieke tyd verskaf aangaande die geskiktheid van die aansoeker en enige ander aangeleentheid wat hy of sy toepaslik ag.

(2) Die komitee kan 'n aansoeker om 'n nuwe beroepswedderslisensie versoek om voor hom te verskyn, in welke geval die bepalings van regulasie 10(7)(b) en (c) *mutatis mutandis* van toepassing is sover dit die aflê van getuienis aangaan.

(3) Die komitee moet –

15

(a) die voltooide aansoek om 'n nuwe beroepswedderslisensie;
 (b) sy verslag oor die ondersoek van die geskiktheid van die aansoeker; en
 (c) skriftelike kennisgewing van sy besluit om die aansoek te ondersteun of teen te staan en in die geval van 'n besluit om die aansoek teen te staan, die volle redes vir daardie besluit,
 aan die Direkteur-generaal voorlê.

(4) Die verslag oor die ondersoek van die geskiktheid van 'n aansoeker om 'n beroepswedderslisensie, soos in subregulasie 3 bedoel, bly geldig vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van die voorlegging daarvan aan die Direkteur-generaal.

(5) Indien 'n aansoeker om 'n beroepswedderslisensie bedoel in regulasie 13 suksesvol was en binne 'n tydperk van twaalf maande na die datum van die eerste voorlegging by die Direkteur-generaal aansoek om 'n ander beroepswedderslisensie doen, kan die verslag in subregulasie (3) bedoel deur die komitee aan die Direkteur-generaal hervoorgelê word ter ondersteuning van die nuwe aansoek: Met dien verstande dat die aansoeker by wyse van 'n beëdigde verklaring moet bevestig dat geen wesentliche inligting of omstandighede wat in sy of haar aansoekdokumentasie weerspieël word, op so 'n wyse verander het dat dit die aansoeker se geskiktheid vir die toestaan van die nuwe beroepswedderslisensie kan beïnvloed nie.

(6) Waar die aansoeker in staat is om die vereiste beëdigde verklaring bedoel in subregulasie (5) te verskaf, bly die dokumentasie ter ondersteuning van die aansoek, soos in regulasie 13 bedoel, geldig vir dieselfde tydperk bedoel in subregulasie (4): Met dien verstande dat die aansoeker steeds aanspreeklik is vir die betaling van die aansoekgelde en voorts met dien verstande dat die aansoeker desondanks gebind is deur die vereistes van regulasie 13(2)(a), (b) en (e).

Toestaan en uitreiking van beroepswedderslisensie

17.(1) Die Minister moet weier om 'n lisensie aan 'n aansoeker toe te staan indien daardie persoon –

- (a) onder die ouderdom van 18 jaar is;
- (b) 'n staatsdiensamptenaar of politieke ampsdraer is;
- (c) gelys is in die register van uitgeslote persone soos in die Nasionale Dobbeltwet, 2004 (Wet No. 7 van 2004) bedoel;
- (d) 'n lid of werknemer van die komitee is;
- (e) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
- (f) nie 'n geskikte en gepaste persoon is om by die betrokke besigheid betrokke te wees nie;
- (g) onderhewig is aan 'n bevel van 'n bevoegde hof ingevolge waarvan daardie persoon geestelik versteurd of ongesteld verklaar is;
- (h) te eniger tyd uit 'n vertrouenspos ontslaan is weens wangedrag ten opsigte van bedrog of geldverduistering;
- (i) gedurende die vorige tien jaar, in die Republiek of elders, skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op Korrupsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992), of 'n misdryf ingevolge die Ordonnansie en gevonnissen tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of tot 'n boete wat R3 000-00 oorskry, tensy die persoon amnestie of algehele kwytskelding van die misdryf ontvang het; of
- (j) 'n familielid is van –
 - (aa) 'n staatsdiensamptenaar of politieke ampsdraer; of

16

(bb) 'n lid of werknemer van die komitee.

(2) Die Minister moet weier om 'n lisensie aan 'n aansoeker uit te reik indien, na uitvoering van die voorgeskrewe ondersoeke, die komitee verslag doen dat hy rede het om te glo dat die aansoeker of 'n bestuurder van die betrokke besigheid –

- (a) 'n familielid van 'n lid van die komitee; of
- (b) 'n familielid van die Minister is.

(3) Die Direkteur-generaal moet by –

- (a) die toestaan van 'n lisensie deur die Minister;
- (b) nakoming deur die aansoeker van enige voorwaarde wat as 'n voorvereiste vir die uitreiking van die lisensie gestel is;
- (c) betaling van die gelde vir die lisensie soos neergelê in die eerste bylae van die Ordonnansie; en
- (d) die aansoeker se verskaffing van die sekuriteite in regulasies 23, 36 en 48 bedoel, die toepaslike lisensie in die voorgeskrewe formaat uitreik en enige ander voorwaardes wat deur die Minister gestel is, daarop of op enige meegaande bylae aanbring.

Hernuwing van beroepswedderslisensie

18.(1) Aansoek om die hernuwing van 'n beroepswedderslisensie moet gedoen word –

- (a) by die Direkteur-generaal in die voorgeskrewe formaat; en
- (b) nie vroeër nie as 1 November en nie later nie as 10 Desember van die jaar waarvoor die lisensie uitgereik is.

(2) Indien 'n beroepswedder versuim om 'n lisensie te hernu voor die verstryking daarvan soos in subregulasie (1) bedoel, verstryk die lisensie.

(3) 'n Beroepswedder wat aansoek doen om hernuwing van sy of haar lisensie ingevolge subregulasie (1) moet jaarlikse finansiële state, asook gesertifiseerde afskrifte van alle inkomstebelastingopgawes ten opsigte van die beroepsweddersbesigheid waarop die lisensie betrekking het, voorlê.

Verandering van eienaarskap van beroepsweddersbesigheid

19. 'n Aansoek om 'n beroepswedderslisensie by verandering van eienaarskap van 'n bestaande beroepsweddersbesigheid word as 'n aansoek om 'n nuwe lisensie beskou.

Wedkamerperseel

20.(1) 'n Beroepswedder moet 'n primêre wedkamerperseel op sy of haar eie onkoste verskaf en verseker dat sodanige perseel geleë is binne die gebied deur die Minister bepaal, soos ingevolge artikel 22(10) van die Ordonnansie bedoel.

(2) Geen beroepswedder mag van enige perseel af sake doen sonder dat daardie perseel deur die komitee goedgekeur is nie.

(3) Die pligte deur hierdie regulasies opgelê, is gesamentlik en afsonderlik van toepassing waar meer as een beroepswedder vanaf dieselfde primêre wedkamerperseel sake doen.

(4) 'n Beroepswedder wat nie in staat is om vanaf sy of haar primêre wedkamerperseel sake te doen nie, moet skriftelik aansoek by die komitee doen vir goedkeuring om sy of haar beroepsweddersbesigheid tydelik vanaf 'n ander perseel te bedryf en moet terselfdertyd die aansoekgelde voorgeskryf in bylae 1 by die Ordonnansie betaal.

(5) 'n Beroepswedder wat aansoek doen soos in subregulasie (4) bedoel moet 'n motivering en enige ander inligting of dokumentasie vereis deur die komitee insluit.

(6) 'n Beroepswedder wat magtiging verlang om vanaf 'n tydelike perseel sake te doen terwyl hy of sy voortgaan om sake vanaf 'n primêre wedkamerperseel te doen, moet die volgende verskaf

- (a) inligting aangaande waar en wanneer die hoofsportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid sal plaasvind;
- (b) inligting aangaande die fisiese fasiliteite wat die tydelike beroepsweddersoperasie sal huisves, met inbegrip van die beroepswedder se gerekenariseerde rekordhoudingstelsel en verbandhoudende toerusting;
- (c) dokumentasie wat bewys dat die beroepswedder toestemming om sake te doen, bekom het van die organiseerders van die hoofsportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid ten opsigte van 'n bepaalde ruimte of plek by of naby die plek waar die hoofsportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid plaasvind;
- (d) skriftelike bevestiging deur die gebeurtenisorganiseerders dat werknemers van die komitee in staat sal wees om toegang tot die fisiese fasiliteite te verkry wat die tydelike beroepsweddersoperasie sal huisves;
- (e) bevestiging dat die ligging en opset van die beroepswedder se gerekenariseerde rekordhoudingstelsel en verbandhoudende toerusting aan hierdie regulasies voldoen; en
- (f) enige motivering, inligting en stawende dokumente wat deur die komitee vereis word.

(7) Die komitee mag nie magtiging toestaan om vanaf 'n tydelike perseel sake te doen terwyl besigheidsoperasies vanaf die primêre wedkamerperseel tydelik gestaak is, vir 'n tydperk van meer as 90 dae nie: Met dien verstande dat die komitee in buitengewone omstandighede, en by skriftelike aansoek deur die betrokke beroepswedder 'n verdere verlenging kan verleen.

(8) Die komitee mag nie magtiging verleen om vanaf 'n tydelike perseel sake te doen terwyl daar voortgegaan word om vanaf 'n primêre wedkamerperseel sake te doen vir 'n tydperk van meer as 40 dae nie.

Verskuiwing van beroepsweddersbesigheid na ander perseel en wysiging van wedkamerperseel

21.(1) Geen beroepswedder mag –

- (a) verskuif; of
- (b) enige strukturele wysiging of byvoeging aan 'n primêre wedkamerperseel aanbring nie, buiten met die vooraf skriftelike goedkeuring van die komitee.

(2) 'n Aansoek om goedkeuring soos in subregulasie (1)(a) bedoel, moet skriftelik wees en vergesel gaan deur 'n kaart wat die ligging van die perseel aantoon en 'n grondplan van die perseel waarna voorgestel word dat die beroepsweddersbesigheid verskuif, met aanduiding van voorgestelde wysigings of byvoegings, indien van toepassing.

(3) 'n Aansoek om goedkeuring soos in subregulasie (1)(b) bedoel, moet skriftelik wees en vergesel gaan deur 'n grondplan van die goedgekeurde primêre wedkamerperseel, met aanduiding van voorgestelde wysigings of byvoegings.

(4) Waar 'n beroepswedder verlang om wedtransaksies vanaf 'n sekondêre wedkamerperseel aan te gaan, moet hy of sy eers skriftelik aansoek doen by –

- (a) die Minister, vir goedkeuring van die sekondêre wedkamerperseel; en
- (b) die komitee, vir goedkeuring van die soort toerusting wat gebruik moet word vir die doel om transaksies op die beroepswedder se gerekenariseerde rekordhoudingstelsel aan te gaan en vir die fisiese installasie van sodanige toerusting by sy of haar sekondêre wedkamerperseel.

(5) Enige toerusting goedgekeur deur die komitee ingevolge subregulasie (4)(b) hierbo, moet –

- (a) op 'n manier werk wat wesenlik soortgelyk is aan 'n rekenaarterminal wat normaalweg deur die beroepswedder gebruik word vir die invoer van wedtransaksies op die beroepswedder se primêre wedkamerperseel; en
- (b) die beroepswedder toelaat om van 'n afstand af wedtransaksies direk in die beroepswedder se gerekenariseerde rekordhoudingstelsel te voer, deur middel van die internet vanaf die beroepswedder se sekondêre wedkamerperseel.

(6) Goedkeuring deur die komitee van die installasie by en die gebruik van die gerekenariseerde rekordhoudingstelsel vanaf die beroepswedder se sekondêre wedkamerperseel moet aan die beroepswedder gekommunikeer word voordat hy of sy wedtransaksies vanaf enige sodanige perseel mag aangaan.

(7) 'n Beroepswedder mag slegs wedtransaksies deur middel van sy of haar gerekenariseerde rekordhoudingstelsel by sy of haar sekondêre wedkamerperseel aangaan, wanneer die primêre wedkamerperseel vir die publiek vir besigheid gesluit is.

Wedkamerure

22. 'n Beroepswedder se primêre wedkamerperseel mag oopgehou word vir die aangaan en uitbetaling van weddenskappe gedurende sodanige ure en op sodanige dae as deur die beroepswedder bepaal ten opsigte van die kamers onder sy of haar beheer.

Sekuriteit deur beroepswedders vir wedverpligtinge

23.(1) 'n Houer van 'n lisensie ingevolge artikel 22 van die Ordonnansie mag nie voortgaan met 'n beroepsweddersbesigheid nie tensy hy of sy sekuriteit vir betaling van sy of haar verpligtinge ten opsigte van wedtransaksies ingedien het by sodanige persoon of liggaam en in sodanige formaat en bedrag soos die Minister van tyd tot tyd gelas.

(2) Die sekuriteit vermeld in subregulasie (1) mag nie onttrek of verminder word sonder vooraf goedkeuring van die Direkteur-generaal nie en dan slegs indien hy of sy tevrede is dat –

- (a) dit vir die doel is van nakoming van die aanspreeklikhede van 'n beroepswedder wat wanbetaal;
- (b) 'n beroepswedder se aanspreeklikhede nagekom is; of
- (c) die bedrag waartoe sy of haar sekuriteit verminder moet word, sodanige aanspreeklikhede sal dek.

Weddenskapskille

24.(1) Die komitee kan enige weddenskapskille tussen 'n beroepswedder en 'n wedder of tussen 'n beroepswedder en 'n ander beroepswedder besleg.

(2) 'n Wedder of beroepswedder wat 'n weddenskapskille aan die komitee wil voorlê, moet –
(a) dit skriftelik doen, geadresseer aan die hoof- uitvoerende beampte, binne veertien dae vanaf die datum waarop die skille ontstaan het; en
(b) terselfdertyd volle besonderhede van sodanige skille voorsien.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte mag vereis dat die wedder bedoel in subregulasie (2) 'n deposito van R500-00 aan die komitee betaal.

(4) Die hoof- uitvoerende beampte mag vereis dat die beroepswedder bedoel in subregulasie (2) 'n deposito van R2 000-00 aan die komitee betaal.

(5) Die hoof- uitvoerende beampte moet onmiddellik by ontvangs van kennisgewing van sodanige skille die besonderhede daarvan in 'n register wat vir daardie doel gehou word, opteken.

(6) Werknemers van die komitee moet die skille ondersoek en 'n verslag aangaande hul bevindings voorberei vir voorlegging aan die komitee.

(7) Die komitee moet, na ontvangs van 'n verslag wat deur sy werknemers opgestel is soos in subregulasie (6) bedoel, –

- (a) 'n verhoor aangaande die skille hou; en
- (b) aan die einde van die verhoor oor die skille beslis, soos in subregulasie (9) bedoel.

(8) Indien enige party by 'n weddenskapskille versuim om voor die komitee te verskyn nadat hy of sy nie minder nie as 72 uur kennisgewing ontvang het om dit te doen, kan die komitee voortgaan om die skille in sy of haar afwesigheid te oorweeg en daarvoor te beslis.

(9) Die komitee kan –

- (a) gelas dat enige deposito wat betaal is, terugbetaal word nadat die komitee die skille aangehoor het, of indien die skille onttrek word voordat die komitee dit aanhoor, ten tyde van die ontvangs van die kennisgewing van die onttrekking van die skille; of
- (b) verbeuring gelas van enige deposito wat betaal is indien hy 'n skille as beuselagtig beskou; en
- (c) 'n bevel gee wat die wyse bepaal waarop die weddenskapskille besleg moet word, met inbegrip van, onder andere, 'n bevel wat 'n weddenskap nietig maak, of 'n keuse nietig maak, of 'n bevel wat die betaling van enige bedrag deur een party aan die ander bepaal.

(10) Die aantekens van 'n appèl teen die besluit of bevel van die komitee geneem ingevolge subregulasie (7) of (9) hiervan, stel nie die uitvoering van sodanige besluit of bevel uit nie: Met dien verstande dat indien 'n beroepswedder, wat deur middel van 'n besluit geneem deur die komitee ten opsigte van 'n weddenskapskille gelas is om enige winste of ander bedrag aan 'n wedder te betaal, teen die besluit appelleer betaling van die winste of ander bedrag deur sodanige beroepswedder aan die komitee gemaak moet word om in trust gehou te word, hangende die uitslag van die appèl, waarop die komitee die winste of ander bedrag moet uitbetaal indien die Minister so gelas.

Eienaarskap en beheer van beroepsweddersbesigheid

25.(1) 'n Persoon wat besigheid in vennootskap met een of meer gelisensieerde beroepswedders wil voortsit, moet goedkeuring van die Minister verkry.

(2) Die versoek om goedkeuring soos in subregulasie (1) bedoel, moet vergesel gaan deur 'n gesertifiseerde afskrif van die betrokke vennootskapsooreenkoms.

(3) Vennote is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir al die verpligtinge van die vennootskap en elke vennoot moet aan die vereistes aangaande sekuriteit en lisensies voldoen asof hy of sy besigheid op sy of haar eie verantwoording doen.

(4) Indien 'n vennootskap van beroepswedders gelyktydig in 'n enkel wedkamerperseel en op 'n ander goedgekeurde plek sake doen, moet sodanige vennootskap die volgende byhou –

- (a) een deelnemerstaat –
 - (i) per perdewedren per plek;
 - (ii) per sportgebeurtenis per plek; en
 - (iii) per ander gebeurtenis of gebeurlikheid per plek; en
- (b) een toonbankboek.

(5) 'n Beroepswedder mag geen persoon, buiten 'n persoon aan wie goedkeuring toegestaan is soos in subregulasie (1) bedoel en wat 'n gelisensieerde beroepswedder is, toelaat om 'n finansiële belang of beherende aandeel in sy of haar beroepsweddersbesigheid te hê nie.

(6) Indien twee of meer beroepswedders hul besigheid in vennootskap voortsit, moet hulle onverwyld op versoek deur –

- (a) 'n lid van die komitee;
 - (b) 'n inspekteur of beamppte aangestel ingevolge artikel 33 of 35 van die Ordonnansie; of
 - (c) 'n persoon aangestel ingevolge artikel 24(2)(d) van die Ordonnansie,
- 'n gesertifiseerde afskrif van die betrokke vennootskapsooreenkoms toon.

(7) Indien 'n vennootskap van beroepswedders sy besigheid vanaf 'n enkel wedkamerperseel bedryf –

- (a) moet sodanige vennootskap nie meer nie as –
 - (i) een deelnemerstaat –
 - (aa) per perdewedren;
 - (bb) per sportgebeurtenis; en
 - (cc) per ander gebeurtenis of gebeurlikheid.
 - (ii) een toonbankboek; en
 - (iii) een stel van die state bedoel in artikel 30 van die Ordonnansie,

bedryf en byhou;

(b) moet alle boeke, rekords, state, opgawes, weddenskapborde en advertensies van sodanige vennootskap die naam van die vennootskap en die name van die vennote weerspieël; en

(c) mag geen weddenskappe tussen vennote, of deur enige vennoot in die vennootskap aangegaan word nie.

(8) Die Minister kan, na sy of haar goeiddunke en deur middel van 'n endossement op of deur middel van 'n bylae by die beroepswedderslisensie of lisensies uitgereik aan die vennote in 'n

beroepsweddersbesigheid, sodanige voorwaardes, beperkings en voorbehoude soos hy of sy nodig ag, oplê.

(9) Indien die voorneme is om 'n vennootskap van gelisensieerde beroepswedders te beëindig, moet die betrokke vennote die Minister onmiddellik skriftelik in kennis stel van hul voorneme om dit te doen.

(10) In die geval van die dood van 'n gelisensieerde beroepswedder wat in 'n vennootskap sy besigheid bedryf het, kan enige oorlewende vennoot of vennote binne die vennootskap voortgaan om die beroepsweddersbesigheid te bedryf.

(11) Nieteenstaande subregulasie (5), word 'n beroepswedder nie verhinder om 'n ooreenkoms te sluit waarvolgens die beroepswedder geregtig sou wees op die intellektuele eiendom, kennis en besigheidsmetodes van enige ander persoon in die bedryf van sy of haar beroepsweddersbesigheid nie en waar die ander persoon geregtig sou wees op 'n winsaandeel in die vorm van 'n fooi wat nie 20 persent van die brutowins van die besigheid oorskry nie.

(12) 'n Ooreenkoms soos in subregulasie (11) bedoel, mag nie geïmplementeer word nie, tensy die ooreenkoms deur die Minister goedgekeur is.

(13) Die Minister mag nie die ooreenkoms bedoel in subregulasie (11) goedkeur nie, indien hy of sy van mening is dat die vermelde ooreenkoms oordrag van eienaarskap, of enige aspek van beheer oor die beroepsweddersbesigheid tot gevolg sou hê.

(14) 'n Beroepswedder mag nie die ooreenkoms bedoel in subregulasie (11) implementeer, om sodoende enige aspek van beheer oor die beroepsweddersbesigheid oor te dra nie.

(15) 'n Beroepswedder mag nie die ooreenkoms bedoel in subregulasie (11) implementeer, op 'n wyse wat deur middel van advertensie of deur enige ander middele aan die publiek sou uitbeeld dat die besigheid deur 'n ander persoon besit word nie.

(16) 'n Beroepswedder mag nie sy of haar besigheid bedryf op 'n wyse wat deur middel van advertensie of deur enige ander middele aan die publiek sou uitbeeld dat die besigheid deur 'n ander persoon besit word nie.

Beroepsweddersrekords wat gehou moet word ten opsigte van handoptekenstelsel

26.(1) Elke beroepswedder wat nie sy of haar gerekenariseerde optekenstelsel kan gebruik nie moet die volgende fisiese boeke en rekords byhou wat 'n volledige en juiste weergawe van sy of haar wedtransaksies gee –

(a) op 'n renbaan of sportfeesbaan –

(i) 'n deelnemersboek wat voorsiening maak vir 'n oorspronklike en twee afskrifte van elke bladsy daarvan deur middel van deurslagpapier; en

(ii) 'n voorraad kaartjies wat reeksgewys genommer is, en

(b) in 'n wedkamer of op sodanige ander plek wat goedgekeur is vir die aangaan van weddenskappe op sportgebeurtenisse of 'n ander gebeurtenis of gebeurlikheid –

(i) 'n deelnemersboek;

(ii) 'n kaartjieboek;

(iii) 'n toonbankboek wat voorsiening maak vir 'n oorspronklike en twee afskrifte van elke bladsy daarvan deur middel van deurslagpapier;

(iv) 'n dekkingsweddenskapboek; en

(v) 'n veelvoudige weddenskapboek waarin alle weddenskappe op perde in wedrenne wat op verskillende wedrenndae gehou moet word en alle weddenskappe aangegaan op sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede of 'n kombinasie van wedrenne, sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede wat op verskillende dae plaasvind, weergegee word.

(2) Die boeke en rekords in subregulasie (1) bedoel, moet in 'n formaat soos deur die Direkteur-generaal goedgekeur wees en mag nie vernietig of andersins mee weggedoen word buiten met die Direkteur-generaal se magtiging nie.

(3) 'n Beroepswedder moet verseker dat –

- (a) die bladsye van elke boek vir die opteken van weddenskappe, buiten 'n boek bestaande uit genommere kaartjies, opeenvolgend genommer word; en
- (b) elke deurslag van 'n inskrywing in 'n boek of rekord genommer word om met die oorspronklike ooreen te stem.

(4)(a) Geen beroepswedder mag 'n boek gebruik wat nie, deur 'n behoorlik gemagtigde werknemer van die komitee, namens die komitee geteken is nie.

(b) Die komitee moet 'n register byhou waarin besonderhede opgeteken moet word van alle boeke wat ingevolge paragraaf (a) namens hom geteken is en die datum waarop sodanige boek geteken is.

(5) Alle wedtransaksies wat in 'n beroepswedder se boeke en rekords opgeteken is, word as deel van sy of haar beroepsweddersbesigheid beskou.

Prosedures by die aangaan van 'n weddenskap waar handoptekenstelsel gebruik word

27.(1) Elke beroepswedder wat nie 'n gerekenariseerde optekenstelsel kan gebruik nie, moet onmiddellik wanneer hy 'n weddenskap op 'n wedrenbaan of 'n sportfeesbaan aangaan –

- (a) besonderhede daarvan in 'n deelnemersboek of 'n deelnemerstaat soos in regulasie 26(1)(a)(i) bedoel, aanteken;
- (b) indien sodanige weddenskap 'n kontantweddenskap is, 'n genommere kaartjie bedoel in regulasie 26(1)(a)(ii) uitreik aan die persoon met wie die weddenskap aangegaan is, wat in leesbare vorm besonderhede van sodanige weddenskap aandui; en
- (c) die nommer van sodanige kaartjie teen die rekord van die weddenskap in die deelnemersboek in paragraaf (a) bedoel aanteken.

(2) Elke beroepswedder wat nie 'n gerekenariseerde optekenstelsel kan gebruik nie, moet onmiddellik wanneer hy 'n weddenskap in 'n wedkamer of op enige ander plek wat goedgekeur is vir die neem van weddenskappe by sportgebeurtenisse of enige ander gebeurtenis of gebeurlikheid aangaan –

- (a) 'n genommere kaartjie uit 'n kaartjiesboek bedoel in regulasie 26(1)(b)(ii) met die datum en tyd waarop die weddenskap aangegaan word en volledige besonderhede daarvan in leesbare vorm uitreik; met inbegrip van, in die geval van 'n telefoonweddenskap of 'n kredietweddenskap, die naam van die persoon met wie die weddenskap aangegaan word in soveel besonderhede dat dit vir 'n inspekteur wat ingevolge die Ordonnansie aangestel of gemagtig is of enige lid van die komitee moontlik is om voornoemde persoon te identifiseer;
- (b) daarna volledige besonderhede daarvan opteken –
 - (i) in 'n deelnemersboek of 'n deelnemerstaat bedoel in regulasie 26(1)(b)(i); en

- (ii) in 'n toonbankboek bedoel in regulasie 26(1)(b)(iii); en
- (c) indien sodanige weddenskap 'n dekkingsweddenskap is, besonderhede daarvan opteken in 'n dekkingsweddenskapboek beoog in regulasie 26(1)(b)(iv).

(3) Elke beroepswedder wat nie 'n gerekenariseerde optekenstelsel kan gebruik nie en wat sake by 'n wedrenbyeenkoms of sportfees doen, moet onmiddellik op aanvraag aan die verteenwoordiger van die betrokke wedrenklub of sportfeesklub die koolafskrif of 'n rekenaargegenereerde afskrif van sodanige bladsy van die deelnemersboek of deelnemerstaat lewer soos wat deur sodanige verteenwoordiger aangevra word.

(4) 'n Beroepswedder wat 'n kaartjie ingevolge subregulasies (1)(b) en (2)(a) uitreik, moet, tensy dit ten gevolge van 'n telefoonweddenskap uitgereik is, die kaartjie onmiddellik aan die persoon met wie die weddenskap aangegaan is, lewer.

Gerekenariseerde optekenstelsel

28.(1) Geen beroepswedder mag 'n gerekenariseerde optekenstelsel of enige wysiging aan 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel gebruik nie totdat sodanige stelsel of wysiging deur die aangestelde beampte goedgekeur is en totdat sodanige beroepswedder in besit is van 'n kaartjiedrukker of kaartjiedrukkers wat tesame met die gerekenariseerde optekenstelsel gebruik moet word: Met dien verstande dat op die komitee se aanbeveling en nieteenstaande vereistes van subregulasies (2) en (3), die aangestelde beampte 'n beroepswedder kan magtig, vir 'n tydperk van nie meer nie as 60 dae en vir die doel om die stelsel te toets, om 'n gerekenariseerde optekenstelsel of 'n wysiging aan 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel te gebruik wat nie deur die aangestelde beampte goedgekeur is nie en nie aan die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde voorgelê is soos in subregulasie (2) bedoel nie.

(2) Die verskaffer van 'n gerekenariseerde optekenstelsel of enige wysiging aan 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel moet –

- (a) sodanige stelsel of wysiging na die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde verwys vir sertifisering ingevolge die toepaslike nasionale standaard; en
- (b) by ontvangs van die nodige sertifisering, dit saam met 'n skriftelike beskrywing van die stelsel of wysiging en enige ander dokumentasie wat die aangestelde beampte mag vereis, aan die aangestelde beampte voorlê.

(3) By ontvangs van die dokumentasie bedoel in subregulasie (2)(b) kan die aangestelde beampte –

- (a) behoudens subregulasie (4) sodanige stelsel of wysiging weier, of met of sonder voorwaardes goedkeur;
- (b) sodanige stelsel of wysiging na die verskaffer terugverwys vir enige veranderinge aan sodanige stelsel of wysiging; of
- (c) die verskaffer versoek om bykomende inligting voor te lê.

(4) Die aangestelde beampte moet enige gerekenariseerde optekenstelsel of enige wysiging van 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel na die komitee, of na enige ander persoon of liggaam, vir evaluasie verwys voordat 'n finale besluit aangaande enige goedkeuring bedoel in subregulasie (1) geneem word.

(5) Enige kostes aangegaan deur die verskaffer van 'n gerekenariseerde optekenstelsel of enige wysiging aan 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel ter nakoming van die vereistes bedoel in subregulasie (2) of (4), moet deur die verskaffer gedra word.

(6) By goedkeuring van 'n gerekenariseerde optekenstelsel of wysiging aan 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel deur die aangestelde beampte, moet die aangestelde beampte dit registreer en die betrokke verskaffer van sodanige goedkeuring in kennis stel.

(7) 'n Beroepswedder word nie toegelaat om 'n gerekenariseerde optekenstelsel te gebruik tesame met die handoptekenstelsel bedoel in regulasies 26 en 27 nie, behalwe in die geval van die totale weiering van die goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel om wedtransaksies korrek vas te lê, in welke geval –

- (a) hy of sy aan die bepalings van regulasies 26 en 27 moet voldoen in soverre dit met 'n handoptekenstelsel verband hou;
- (b) hy of sy onmiddellik wanneer dit moontlik is om dit te doen, na die gerekenariseerde optekenstelsel moet terugkeer; en
- (c) die handrekords vir inspeksiedoeleindes behou moet word.

(8) Enige beroepswedder wat versuim om aan die bepalings van subregulasie (7) te voldoen, word geag strydig op te tree met 'n plig of verpligting wat die Ordonnansie hom oplê en is aan 'n misdryf skuldig.

(9) Alle transaksies wat in 'n beroepswedder se gerekenariseerde optekenstelsel opgeteken is, word as deel van sy of haar weddenskapbesigheid beskou.

(10) Enige beroepswedder wat 'n gerekenariseerde optekenstelsel gebruik –

- (a) tesame met 'n gerekenariseerde optekenstelsel wat nie deur die aangestelde beampte ingevolge hierdie regulasie goedgekeur en geregistreer is nie;
- (b) sonder 'n kaartjiedrukker; of
- (c) wat met 'n gerekenariseerde optekenstelsel gepeuter het of op enige wyse daarmee ingemeng het nadat dit ooreenkomstig hierdie regulasie goedgekeur en geregistreer is,

word geag strydig op te tree met 'n plig of verpligting wat die Ordonnansie hom of haar oplê, en is aan 'n misdryf skuldig.

Beroepsweddersrekords wat gehou moet word ten opsigte van gerekenariseerde optekenstelsel

29.(1) Elke beroepswedder wat 'n gerekenariseerde optekenstelsel gebruik, moet die volgende rekords byhou wat 'n volledige en akkurate weergawe van sy of haar wedtransaksies gee –

- (a) 'n deelnemerstaat wat ooreenstem met elke perdewedren, sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid, ten opsigte waarvan die beroepswedder 'n weddenskaptransaksie aangegaan het;
- (b) 'n lys van elke kaartjie wat uitgereik of gekanselleer is;
- (c) 'n lys wat besonderhede van elke weddenskap wat aangegaan is, toon;
- (d) 'n lys van elke dekkingsweddenskap wat aangegaan is;
- (e) 'n lys van elke veelvoudige weddenskap waarin alle weddenskappe op perde in wedrenne wat op verskillende wedrendae gehou moet word en alle weddenskappe aangegaan op sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede of 'n kombinasie van wedrenne, sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede wat op verskillende dae plaasvind, weergegee word.

(2) Die rekords bedoel in subregulasie (1) moet in 'n formaat soos goedgekeur deur die Direkteur-generaal wees en mag nie vernietig of andersins mee weggedoen word buiten met die Direkteur-generaal se magtiging nie.

(3) Alle data en die rekords bedoel in subregulasie (1) moet aan die einde van elke dag op 'n geskikte en draagbare elektroniese opnamemedium of -toestel gekopieer word en elke sodanige elektroniese opnamemedium of -toestel en die data wat daarin of daarop gestoor is, moet veilig in chronologiese orde vir inspeksiedoeleindes op 'n ander perseel as die primêre wedkamerperseel gehou word.

(4) Die komitee moet bepaal of 'n draagbare elektroniese opnamemedium of -toestel soos in subregulasie (3) bedoel, geskik is vir die doel bedoel in subregulasie (3) en moet verder die geskiktheid bepaal van die plek en wyse waarop sodanige draagbare elektroniese opnamemedium of -toestel gehou word.

Prosedures by aangaan van weddenskappe waar gerekenariseerde optekenstelsel gebruik word

30.(1) Elke beroepswedder wat 'n gerekenariseerde optekenstelsel gebruik, moet onmiddellik wanneer 'n weddenskap aangegaan word –

(a) volle besonderhede van die weddenskap wat aangegaan is, met inbegrip van die datum en tyd wanneer die weddenskap aangegaan is, op die stelsel invoer;

(b) aan die persoon met wie die weddenskap aangegaan is 'n kaartjie wat reeksgewys genommer is, deur 'n kaartjiedrukker gedruk is, met die datum en tyd waarop die weddenskap aangegaan is en volledige besonderhede daarvan uitreik: Met dien verstande dat indien die weddenskap 'n telefoonweddenskap is, 'n kaartjie nie gedruk hoef te word nie, maar die inligting vereis deur subparagraaf (a) moet opgeteken word, asook die naam van die persoon met wie die weddenskap aangegaan is, in soveel besonderhede dat dit vir 'n inspekteur wat ingevolge die Ordonnansie aangestel of gemagtig is of enige lid van die komitee moontlik is om voornoemde persoon te identifiseer;

(c) verseker dat waar sodanige weddenskap 'n dekkingsweddenskap is, volle besonderhede van sodanige weddenskap in die lys van dekkingsweddenskappe vermeld in regulasie 29(1) opgeteken word; en

(d) verseker dat volle besonderhede van die weddenskap in die rekords beskryf in regulasie 29(1) opgeteken word.

(2) Elke beroepswedder wat 'n gerekenariseerde optekenstelsel gebruik en wat sake by 'n wedrenbyeenkoms of sportfees doen, moet onmiddellik op aanvraag aan die verteenwoordiger van die betrokke renklub of sportfeesklub 'n gedrukte afskrif van die deelnemerstaat lewer.

Registrasie van bestuurder en klerk

31.(1) Enige persoon wat as 'n bestuurder geregistreer wil word, moet skriftelik by die komitee aansoek doen, welke aansoek die komitee kan –

(a) weier;

(b) toestaan met of sonder voorwaardes; of

(c) terugverwys na die aansoeker vir voorlegging van bykomende inligting.

(2) Die aansoek bedoel in subregulasie (1) moet gedoen word deur 'n vorm te gebruik wat deur die komitee vir daardie doel ontwerp is, welke vorm vereistes vir dokumentasie en inligting wat deur die aansoeker verskaf moet word, moet insluit, met inbegrip van, onder andere –

- (a) die volle naam en identiteitsnommer van die aansoeker;
- (b) die aansoeker se woon- en posadresse;
- (c) 'n rekord van die aansoeker se kennis van beroepswedderspraktyk en prosedure en kennis of ervaring tersaaklik tot indiensneming in die beroepsweddersbedryf, indien enige;
- (d) die aansoeker se skriftelike toestemming vir die uitvoer van 'n ondersoek deur die komitee, of deur die komitee se agent, konsultant of werknemer van sy of haar persoonlike geskiedenis en agtergrond en enige ander aangeleenthede of inligting verskaf in die aansoek om, of in die beëdigde verklaring bedoel in paragraaf (e), of in enige verbandhoudende dokumentasie;
- (e) 'n beëdigde verklaring deur die aansoeker wat meld of hy of sy onbevoeg is om ingevolge hierdie regulasie geregistreer te word of nie, uit hoofde van een of meer van die onbevoegdheidsfaktore voorgeskryf in artikel 49 van die Nasionale Dobbeltwet, 2004 (Wet No. 7 van 2004);
- (f) die aansoekgelde wat in die eerste bylae van die Ordonnansie voorgeskryf is, welke gelde aan die komitee toeval;
- (g) 'n volledige stel van die aansoeker se vingerafdrukke, soos vanaf die Suid-Afrikaanse Polisie diens bekom is; en
- (h) bewys van betaling aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens van die gelde ten opsigte van 'n versoek om 'n sertifikaat wat die aansoeker se kriminele rekordstatus aandui.

(3) Die komitee kan 'n aansoeker om registrasie as 'n beroepswedder se bestuurder evalueer volgens sy of haar kennis van die reg wat op beroepswedderij van toepassing is.

(4) Nadat die ondersoek bedoel in subregulasie (2)(d) afgehandel is en aan die komitee verslag gedoen is en na oorweging van die aansoek, kan die komitee weier om die bestuurder te registreer, of die bestuurder registreer in welke geval die komitee, by ontvangs van die registrasiegelde wat in die eerste bylae van die Ordonnansie voorgeskryf is, aan hom of haar 'n registrasiesertifikaat moet uitreik, behoudens die volgende voorwaardes –

- (a) dat die registrasie op 31 Desember van elke jaar verstryk, tensy dit hernu word op die wyse in subregulasie (7) bedoel;
- (b) dat hy of sy slegs in die wedkamer van 'n gelisensieerde beroepswedder sake mag doen;
- (c) dat hy of sy, voor diensaanvaarding, die komitee moet inlig –
 - (i) aangaande die naam en fisiese adres van die beroepswedder deur wie hy of sy in diens geneem word; en
 - (ii) aangaande enige voorgestelde verandering van indiensneming in welke geval die betrokke beroepswedder die indiensneming skriftelik moet bevestig en erken dat hy of sy aanspreeklik is vir al die bestuurder se werksaamhede; en
- (d) enige verdere voorwaardes wat die komitee, na goeddunke, besluit om te stel.

(5) 'n Registrasiesertifikaat moet die volgende weerspieël –

- (a) die volle naam van die betrokke bestuurder;
- (b) die jaar waarvoor dit uitgereik is;
- (c) die datum van uitreiking; en
- (d) die voorwaardes vermeld in subregulasie (4).

(6) Elke bestuurder se registrasiesertifikaat is persoonlik aan die houer en kan nie oorgedra of andersins vervreem word nie

(7) Aansoek om die hernuwing van 'n bestuurder se registrasiesertifikaat moet by die komitee gedoen word teen nie later nie as 1 Desember van elke jaar en moet vergesel gaan deur die hernuwingsgelde wat in die eerste bylae van die Ordonnansie voorgeskryf is, welke gelde aan die komitee toeval.

(8) Nieteenstaande subregulasie (4), kan die komitee, by aansoek om 'n tydelike registrasiesertifikaat wat gedoen moet word deur 'n vorm wat deur die komitee vir daardie doel ontwerp is, te gebruik, 'n tydelike registrasiesertifikaat aan 'n aansoeker uitreik vir registrasie as 'n bestuurder, voor die afhandeling van die ondersoek bedoel in subregulasie (2)(d): Met dien verstande dat die aansoekdokumentasie wat met die aansoek om 'n tydelike registrasiesertifikaat verband hou, nie aandui dat die aansoeker onbevoeg is vir registrasie nie.

(9) Indien 'n beroepswedder of 'n vennootskap van beroepswedders 'n geregistreerde bestuurder in diens neem –

(a) bly sodanige beroepswedder of sodanige vennootskap gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir alle pligte en verpligtinge wat hierdie Ordonnansie 'n beroepswedder oplê; en

(b) is sodanige beroepswedder of sodanige vennootskap gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir alle werksaamhede wat deur sodanige bestuurder in verband met die beroepsweddersbesigheid uitgevoer word.

(10) Die bepalings van subregulasies (1) tot (9) is inklusief, behoudens die nodige wysigings, op die registrasie van klerke van toepassing.

(11) Geen beroepswedder mag 'n persoon in die hoedanigheid van 'n beroepswedder se klerk of bestuurder in sy of haar beroepsweddersbesigheid in diens neem of toelaat om in diens geneem te word, tensy daardie persoon behoorlik ingevolge hierdie regulasies geregistreer is nie.

(12) Geen persoon mag diens of werk by 'n beroepswedder in die hoedanigheid van 'n beroepswedder se klerk of bestuurder aanvaar, tensy daardie persoon behoorlik ingevolge hierdie regulasies geregistreer is nie.

(13) 'n Beroepswedder se klerk kan weddenskappe met die publiek, die totalisator of met ander beroepswedders aangaan.

(14) 'n Bestuurder is 'n klas werknemer van 'n beroepswedder, of van 'n vennootskap van beroepswedders –

(a) met gesag oor alle geregistreerde klerke en ander werknemers van die beroepswedder, of vennootskap van beroepswedders;

(b) wat toegelaat word om weddenskappe met die publiek, die totalisator of met ander beroepswedders aan te gaan; en

(c) wat behoudens die kriteria vermeld in die omskrywing van "**bestuurder**" in artikel 2 van die Ordonnansie, verantwoordelik is vir alle verpligtinge van die beroepswedder wanneer die beroepswedder nie beskikbaar is nie.

(15) Elke beroepswedder of vennootskap van beroepswedders moet ooreenkomstig hierdie regulasie ten minste een werknemer as 'n bestuurder registreer.

Onbetaalde weddenskappe

32.(1) Enige persoon wat 'n geldige eis teen 'n beroepswedder het ten opsigte van 'n weddenskap wat sodanige beroepswedder versuim het om te betaal na 'n versoek om dit doen, moet die omstandighede skriftelik aan die hoof- uitvoerende beampte rapporteer.

(2) By ontvangs van kennisgewing soos in subregulasie (1) bedoel, moet die hoof- uitvoerende beampte dit onmiddellik in 'n register wat vir die doel gehou word, opteken en dit onverwyld aan die komitee voorlê.

(3) Indien, na 'n ondersoek waartydens die betrokke beroepswedder die geleentheid kry om aangehoor te word, die komitee tevrede is dat die eis deur die beroepswedder betaal moet word, kan hy hom of haar gelas om dit binne 24 uur te doen, en by versuim om sodanige bevel na te kom, kan hy hom of haar as 'n wanbetaler verklaar.

Beroepswedder wat wanbetaal

33.(1) Wanneer hy tevrede is, na 'n behoorlike ondersoek waartydens sodanige beroepswedder gehoor mag word, dat 'n beroepswedder nie in staat is om enige van sy of haar beroepswedderskulde ten opsigte van weddenskappe wat deur hom of haar aangegaan is en wat verskuldig en betaalbaar is, te betaal nie, kan die komitee hom of haar as 'n wanbetaler verklaar.

(2)(a) Wanneer die komitee 'n beroepswedder as 'n wanbetaler verklaar, moet hy 'n kennisgewing in dier voege op 'n kennisgewingbord in die wedkamer laat vertoon, welke kennisgewing moet vereis dat alle eise teen en alle gelde verskuldig aan die beroepswedder wat wanbetaal by die komitee ingedien of betaal moet word, na gelang van die geval, binne dertig dae na die datum waarop sodanige beroepswedder as 'n wanbetaler verklaar is.

(b) Die komitee is nie daartoe gebind om enige eis ingedien na die verstryking van die bogenoemde tydperk van 30 dae te oorweeg nie.

(3)(a) Wanneer hy of sy as 'n wanbetaler verklaar word, moet 'n beroepswedder onmiddellik al sy of haar weddenskapboeke, rekeningboeke en kontant voorhande aan die komitee oorhandig en die komitee moet dit in besit hou totdat die beroepswedder se aanspreeklikhede nagekom is.

(b) Enige beroepswedder wat as 'n wanbetaler deur die komitee verklaar word, word verhinder om weddenskappe aan te gaan totdat sy of haar aanspreeklikhede nagekom is en alle gelde betaal uit sekuriteite namens of deur hom of haar terugbesorg is en die Minister hom of haar as 'n geskikte en gepaste persoon beskou vir hertoelating om besigheid as 'n beroepswedder voort te sit.

(4) Wanneer 'n beroepswedder as 'n wanbetaler verklaar word, kan die komitee enige weddenskappe wat deur hom of haar aangegaan is ten tyde van sy of haar wanbetaling op 'n wedren of 'n sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid wat nog nie plaasgevind het nie of met betrekking waartoe daar geen uitslag is nie, kanselleer en dit nietig verklaar, in welke geval enige kontant wat gedeponeer is ten opsigte van sodanige gekanselleerde weddenskap aan die persoon wat daarop geregtig is, terugbetaal moet word.

(5) Indien die komitee 'n beroepswedder as 'n wanbetaler verklaar, moet hy vir die doel van likwidasië van sy of haar aanspreeklikhede, die geheel of enige deel van enige sekuriteit wat namens hom of haar of namens sy of haar geregistreerde vennoot ingedien is, gebruik, hetsy

sodanige aanspreeklikhede aangegaan is in die loop van sy of haar besigheid as 'n beroepswedder in 'n wedkamer of op 'n renbaan of sportfeesbaan of op sodanige ander plek soos goedgekeur vir die aangaan van weddenskappe op sportgebeurtenisse of enige ander gebeurtenisse of gebeurlikhede: Met dien verstande dat sodanige sekuriteit nie gebruik mag word vir die betaling van enige aanspreeklikheid aangegaan met enige ander beroepswedder totdat alle ander wedverpligtinge betaal is nie.

Wedder wat wanbetaal

34.(1) Wanneer hy tevrede is, na 'n behoorlike ondersoek waartydens sodanige wedder aangehoor mag word, dat 'n wedder versuim het om enige bedrag verskuldig ten opsigte van 'n weddenskap wat deur hom of haar met sodanige beroepswedder aangegaan is, aan 'n beroepswedder te betaal, kan die komitee sodanige wedder as 'n wanbetaler verklaar.

(2) Wanneer die komitee 'n wedder as 'n wanbetaler verklaar, moet hy 'n kennisgewing in dier voege aan elke gelisensieerde beroepswedder en renklub in die provinsie stuur en elke beroepswedder wat sodanige kennisgewing ontvang, moet dit op 'n opsigtelike plek in die wedkamer waarin hy of sy sake doen, vertoon totdat hy of sy deur die komitee ingevolge subregulasie (4)(b) gelas word om dit te verwyder, waarop hy of sy onverwyld sodanige bevel moet nakom.

(3) By ontvangs van 'n kennisgewing soos in subregulasie (2) bedoel, moet enige beroepswedder by wie sodanige wedder in die skuld staan ten opsigte van weddenskappe wat met hom of haar aangegaan is, onverwyld die komitee inlig oor die besonderhede van sodanige verpligtinge.

(4)(a) 'n Wedder wat as 'n wanbetaler deur die komitee verklaar word, mag nie –

- (i) 'n perseel gelisensieer as 'n renbaan ingevolge die Ordonnansie;
- (ii) 'n perseel vermeld in artikel 28(2) of (3) van die Ordonnansie; of
- (iii) 'n perseel waarop 'n gelisensieerde beroepswedder sake doen,

betree of daarop wees nie totdat al sy of haar aanspreeklikhede teenoor beroepswedders nagekom is en die komitee tevrede is dat hy of sy 'n geskikte en gepaste persoon is om weddery te hervat.

(b) Wanneer die komitee tevrede is soos in paragraaf (a) bedoel, moet hy onverwyld elke beroepswedder vermeld in subregulasie (2) gelas om die betrokke kennisgewing te verwyder.

Wanbetaler: Jokkieklub van Suid-Afrika

35. Geen persoon wat deur die Jokkieklub van Suid-Afrika as 'n wanbetaler weggewys is, mag –

- (a) 'n perseel gelisensieer as 'n renbaan ingevolge hierdie Ordonnansie;
- (b) 'n perseel vermeld in artikel 28(2) en (3) van die Ordonnansie; of
- (c) 'n perseel waarop 'n gelisensieerde beroepswedder sake doen,

betree of daarop wees nie.

**HOOFSTUK III
BELASTING OP WEDTRANSAKSIES OP PERDEWEDRENNE**

Sekuriteit vir belasting

36.(1) Die sekuriteit wat by 'n beroepswedder ingedien moet word vir die betaling van belasting soos voorgeskryf in artikel 26 van die Ordonnansie moet vir sodanige bedrag wees soos deur die aangestelde beampte bepaal en moet bestaan uit –

- (a) 'n kontantdeposito;
- (b) 'n bankgaransie; of
- (c) sodanige ander vorm van sekuriteit soos deur die Minister goedgekeur.

(2) Die skriftelike magtiging wat deur 'n beroepswedder verskaf moet word ingevolge artikel 26(3) van die Ordonnansie moet in die formaat wees soos in bylae 3 by hierdie regulasies uiteengesit is.

(3) Die aangestelde beampte kan van die agent soos bedoel in artikel 28(3) van die Ordonnansie of van 'n renklub wat 'n totalisator bedryf vir die doel om weddenskappe met 'n vaste wedprys aan te gaan ten opsigte van enige perdewedren vereis om sodanige sekuriteit in te dien soos hy of sy mag besluit vir die betaling van belasting op die betrokke wedtransaksies en enige ander gelde wat aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is.

(4) Die aangestelde beampte kan, van tyd tot tyd, die bedrag van die sekuriteit wat ingevolge subregulasie (3) vereis word, bepaal en kan te eniger tyd van die agent soos bedoel in artikel 28(3) van die Ordonnansie of 'n renklub vereis om enige bestaande sekuriteite met sodanige ander sekuriteite te vervang of sodanige bykomende sekuriteite soos hy of sy mag bepaal, te verskaf.

(5) Die aangestelde beampte mag sodanige bedrag van die sekuriteite wat ingedien is, verkoop of realiseer as wat nodig is om enige verpligtinge aan die Provinsiale Inkomstefonds te betaal.

(6) Indien die agent soos bedoel in artikel 28(3) van die Ordonnansie of 'n renklub wat 'n totalisator onder die omstandighede bedoel by hierdie regulasie bedryf, 'n weddenskapstelsel van weddenskappe met vaste wedpryse afskaf, moet die aangestelde beampte die sekuriteite wat oorbly na aftrekking van enige belasting of ander gelde wat aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, aan die betrokke renklub terugbesorg.

Belasting op wenweddenskappe met beroepswedders op perdewedrenne

37. Die belasting afgetrek van die bedrag wat deur 'n persoon gewen is wat 'n wenweddenskap met 'n beroepswedder ten opsigte van 'n perdewedren aangegaan het, moet volgens die persentasies wees wat soos volg in die verspreidingstabel weerspieël word, welke belasting Belasting op toegevoegde Waarde uitsluit:

	Weddenskappe met 'n beroepswedder op 'n renbaan of 'n sportfeesbaan in KwaZulu-Natal aangegaan	Weddenskappe met 'n beroepswedder op 'n ander perseel as 'n renbaan in KwaZulu-Natal aangegaan
Provinsiale Inkomstefonds	2%	2%
Die agent wat deur 'n renklub aangestel is kragtens artikel 28 (3)(a) van die Ordonnansie	3%	3%
Komitee	1%	1%
TOTAAL	6%	6%

Opgawe vir belastingdoeleindes

38.(1) Die opgawes vermeld in artikel 30 van die Ordonnansie moet deur elke beroepswedder in tweevoud ingedien word en moet in die formaat soos voorgeskryf in bylae 1 wees wat vergesel moet gaan deur die lys van dekkingsweddenskappe in die formaat soos in bylae 2 voorgeskryf.

(2) Aparte bylaes moet ingedien word ten opsigte van weddenskappe aangegaan op 'n renbaan of sportfeesbaan en in 'n wedkamer, onderskeidelik.

(3) Opgawe A van bylae 1 moet apart in die toepaslike kolomme daarvan en ten opsigte van elke wedren wat deur die bylae gedek word, die totale bedrae aandui ten opsigte van alle weddenskappe wat met die beroepswedder aangegaan is en die belasting wat ingevolge artikel 29(1) en (2) van die Ordonnansie daarop betaalbaar is.

(4) Opgawe B van bylae 1 moet in die toepaslike kolomme en ten opsigte van elke wedren wat deur die bylae gedek word, volle besonderhede aandui van alle dekkingsweddenskappe wat deur die beroepswedder aangegaan is, die opbrengs daaruit en die belasting wat ingevolge artikel 29(3) van die Ordonnansie daarop betaal is.

